Hoofstuk

9

ERASA

UITHOURIT VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Behandeling van Perde en reëls rakende medikasiemisbruik en medikasiebeheer by perde

HOOFSTUK 9: BEHANDELING VAN PERDE EN REËLS RAKENDE MEDIKASIEMISBRUIK EN MEDIKASIEBEHEER BY PERDE

REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 9

Artikel	Onderwerp	Datum van wysiging
Aanhangsel C	Medikasievorm 3	Des 2011
9.16.3.6	Hantering van uitslae	19 Junie 2015
Aanhangsel E	Kennisgewing van voorgenome dissiplinêre optrede	19 Junie 2015
9.16.3.6	Hanterering van uitslae	26 October 2015
Aanhangsel E	Kennisgewing van voorgenome dissiplinêre optrede	26 October 2015

HOOFSTUK 9

BEHANDELING VAN PERDE EN REËLS RAKENDE MEDIKASIEMISBRUIK EN MEDIKASIEBEHEER BY PERDE

Aanhangsel A: ERASA Standaard vir Laboratoriums
B: "ETUE 1: Authorization of emergency treatment" (PTGV 1: Magtiging vir noodbehandeling)
C: "Medication Form 3: Authorization for the use of medication not listed as prohibited under FEI/ERASA regulations" (Medikasievorm 3: Magtiging vir die gebruik van medikasie wat nie as verbode gelys is ingevolge die FEI/ERASA reëls nie)
D: "ETUE 4: Opinion on treatment administered prior to departure to a ride meet" (PTGV 4: Opinie rakende behandeling toegedien voor vertrek na 'n rit)
E: Kennisgewing van voorgenome dissiplinêre optrede
F: Versoek vir ontleding van die "B" monster

Nota: Let asseblief op dat die PTGV's (ETUE's) en medikasievorms slegs in Engels beskikbaar gestel word, ter wille van eenvormigheid.

9.1 Woordbepaling
9.2 Inleiding
9.3 Perde terapeutiese gebruiksvrystellings / Medikasievorms
9.4 Verklaring van behandeling wat voor aankoms by die ritbyeenkoms toegedien was
9.5 Behandeling met 'n middel wat gelys is op die FEI se lys van verbode middels
9.6 Magtiging vir die gebruik van medikasie wat nie op die FEI se lys van verbode middels voorkom nie
9.7 Drempelwaardes
9.8 Alternatiewe behandeling van perde by ERASA uithouritte
9.9 Oortredings van die reëls rakende medikasiemisbruik in perde
9.10 Oortredings van die reëls rakende beheerde medikasie in perde
9.11 Die lys van verbode middels vir perde
9.12 Toetsing
9.13 Monsternemings
9.14 Protokol vir monsterneming
9.15 Ontleding van monsters
9.16 Hantering van uitslae
9.17 Gevolge vir spanne
9.18 Rekordhouding, verslagdoening, openbare bekendmaking en erkenning
9.19 Verjaring
9.20 Finansiering

9.1 **WOORDBEPALING**. By die uitleg van hierdie reëls dra elke woord of uitdrukking die betekenis soos hieronder uiteengesit, tensy dit uit die sinsverband of samehang van woorde blyk dat die betrokke woord of uitdrukking 'n ander betekenis dra. Die betekenis van woorde soos omskryf in die Grondwet en ander hoofstukke van die reëlboek van ERASA is ook op hierdie hoofstuk van toepassing, tensy dit uit die sinsverband of samehang van woorde blyk dat die betrokke woord of uitdrukking 'n ander betekenis dra. Woorde wat die enkelvoud aandui kan ook die meervoud beteken en manlike terme kan ook vroulike terme beteken, na gelang van die verband waarin dit gebruik word.

9.1.1 Ongunstige analitiese bevinding. 'n Verslag deur 'n laboratorium of ander goedgekeurde instelling waarin aangedui word dat (ooreenkomstig met ERASA se standaard vir laboratoriums) die teenwoordigheid van een of meer verbode middels of die metaboliete of merkers daarvan (insluitende verhoogde vlakke van endogene stowwe), of bewyse van die gebruik van verbode metodes, in 'n monster van 'n bepaalde perd gevind is.

9.1.2 Medikasiemisbruikvoorkomingsorganisasie. 'n Organisasie wat verantwoordelik is vir die inisiëring, implementering en/of afdwinging van enige deel van die proses wat daarop gemik is om medikasiemisbruik en/of medikasiegebruik te beheer, insluitend, byvoorbeeld, die FEI of ERASA.

9.1.3 Poging. Wanneer 'n persoon doelbewus betrokke raak by optrede wat 'n handeling vorm in die uitvoering van 'n plan van aksie wat daarop gemik is om 'n reël rakende medikasiemisbruik en/of beheerde medikasie by perde te oortree, met dien verstande dat die blote poging om 'n oortreding te begaan nie as 'n reëloortreding geag sal word nie indien die poging gestaak word voordat dit deur 'n derde party, wat nie by die poging betrokke is nie, ontdek word.

9.1.4 Verbande metodes. Enige metode wat as verbande metode gelys is op die FEI se lys van verbode middels vir perde.

9.1.5 Verbande middels. Enige middel, of sy metaboliete of merkers, wat as verbande middel gelys is op die FEI se lys van verbode middels vir perde.

9.1.6. Beheerde medikasiemetode. Enige metode was as 'n beheerde medikasiemetode gelys is op die FEI se lys van verbode middels vir perde.

9.1.7 Beheerde medikasie. Enige middel, of sy metaboliete of merkers, wat as beheerde medikasie gelys is op die FEI se lys van verbode middels vir perde.

9.1.8 Oortreding met betrekking tot beheerde medikasie. 'n Oortreding met betrekking tot beheerde medikasie word gedefinieer as die oortreding van een of meer van die beheerde medikasiereëls soos omskryf in artikels 9.10.2.1 tot 9.10.2.4 in hierdie hoofstuk.

9.1.9 Medikasiemisbruik. Medikasiemisbruik word gedefinieer as die oortreding van een of meer van die medikasiemisbruikreëls soos omskryf in artikel 9.9.2.1 tot 9.9.2.4 in hierdie hoofstuk.

9.1.10 Medikasiemisbruikbeheer. Alle stappe en prosedures wat deel vorm van die oorhoofse proses om verbande middels en verbande metodes te beheer, vanaf beplanning m.b.t. verspreiding van toetsstelle tot en met die uiteindelike bevinding van en sanksie ingestel deur die voorsittende beampte, insluitend alle stappe en prosedures tussenin, soos byvoorbeeld die neem en hantering van monsters, ontleding van monsters in 'n laboratorium en die hantering van die ontledingsuitslae.

9.1.11 Uithouritte gehou onder die beskerming van ERASA. Alle uithouritte aangebied deur ERASA en/of een van sy unies en/of een van sy klubs, hetsy aangebied onder die reëls van ERASA of die reëls van die FEI of enige ander stel reëls soos deur die Raad van ERASA goedgekeur.

9.1.12 Lys van verbode middels vir perde. Die lys waarop verbande middels/beheerde medikasie en verbande metodes/beheerde medikasiemetodes gelys word, soos van tyd tot tyd onder instruksie van die Sekretaris-Generaal van die FEI gepubliseer.

9.1.13 Terapeutiese Gebruiksvrystelling vir perde (PTGV, "ETUE"). Magtiging om deel te neem nadat daar, vir goedgekeurde terapeutiese doeleindes, beheerde medikasie aan 'n perd toegedien of 'n beheerde medikasiemetode op 'n perd toegepas was, waarvoor daar in die ERASA reëls voorsiening gemaak is en 'n toepaslike PTGV ("ETUE") soos daarin gespesifiseer uitgereik is. Om enige onsekerheid uit die weg te ruim word dit duidelik gestel dat PTGV's ("ETUE'S") nie van toepassing is op verbande middels en/of verbande metodes nie.

9.1.14 ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde. Die ERASA Raadsveearts soos aangestel ingevolge die Grondwet van ERASA, of 'n amptelik aangestelde gedelegeerde ('n veearts wat deur die Uithourit Veterinêre Belangegroep aangestel is om alle aspekte rakende medikasiemisbruik en medikasiebeheer te bestuur, en wie se aanstelling deur die Raad bekragtig is).

9.1.15 ERASA Standaard vir Laboratoriums. 'n Standaard waarin die kriteria uiteengesit word wat deur laboratoriums toegepas moet word ten opsigte van ontledings- en bewaringsprosedures en die verslae wat daaroor opgestel word, wat deur die Raad van ERASA van tyd tot tyd aanvaar word ter ondersteuning van hierdie reëls. Nakoming van die ERASA Standaard (teenoor die nakoming van enige ander alternatiewe standaard, gebruik of prosedure) wat ten tye van die ontleding van die monsters van krag was, sal voldoende bewys wees dat die prosedures wat in die standaard aangespreek word na behore uitgevoer is.

9.1.16 FEI. Die Fédération Equestre Internationale, verteenwoordig deur die toepaslike verteenwoordiger soos bepaal in die Statute, Algemene Regulasies, ander regulasies of reëls of van tyd tot tyd deur sy Sekretaris-Generaal.

9.1.17 Merker. 'n Samestelling, groep van samestellings of biologiese parameter(s) wat die gebruik van 'n verbode middel of verbode metode aandui.

9.1.18 Medikasiebeheer. Alle stappe en prosedures wat deel vorm van die oorhoofse proses om die gebruik van beheerde medikasie en beheerde medikasiemetodes te beheer, vanaf beplanning m.b.t. verspreiding van toetsstelle tot en met die uiteindelike bevinding van en sanksie ingestel deur die voorsittende beampte, insluitend alle stappe en prosedures tussenin, soos byvoorbeeld die neem en hantering van monsters, ontleding van monsters in 'n laboratorium, terapeutiese gebruiksvrystellings vir perde en die hantering van die ontledingsuitslae.

9.1.19 Metaboliet. Enige stof wat die produk is van 'n biotransformasieproses.

9.1.20 Nasionale Federasie. Die een nasionale beheerliggaam wat 'n lid is van, of erken word deur die FEI as die instelling wat FEI sport in die betrokke land beheer.

9.1.21 Nasionale Vereniging. Die nasionale beheerliggaam van 'n land wat in beheer staan van alle aspekte met betrekking tot uithouritte in die betrokke land.

9.1.22 Persoon. 'n Natuurlike persoon of 'n organisasie of ander instelling.

9.1.23 Verantwoordelike Persoon. Kyk asb. die woordbepalings soos gepubliseer in die Grondwet van ERASA.

9.1.24 Verbode Metode. ’n Oorkoepelende term wat gebruik word vir enige metode wat as verbande metode of beheerde medikasiemetode in die FEI se lys van verbode middels vir perde omskryf word.

9.1.25 Verbode Middel. ’n Oorkoepelende term wat gebruik word vir enige middel, of sy metaboliete of merkers, wat as ’n verbande middel of as beheerde medikasie op die FEI se lys van verbode middels vir perde gelys word.

9.1.26 Openbare Bekendmaking of Openbare Verslagdoening. Die beskikbaarstelling of verspreiding van informasie aan die algemene publiek of persone anders as die persone wat op vroeëre bekendmaking geregtig is.

9.1.27 Ontvangs. Wanneer ’n persoon iets wat relevant is tot hierdie reëls ontvang. Om enige moontlike onsekerheid te voorkom word dit duidelik gestel dat, wanneer daar nie ’n spesifieke bevestiging van ontvangs is nie, dit aanvaar sal word dat dit sewe besigheidsdae na afsending ontvang is.

9.1.28 Monster. Enige biologiese of ander materiaal wat geneem is vir doeleindes van beheer oor medikasiemisbruik en –gebruik.

9.1.29 Peuter. Verander vir onbehoorlike doeleindes of op ’n onbehoorlike manier; uitoefen van onbehoorlike druk; onbehoorlike inmenging; verhindering, misleiding of betrokke raak by enige bedrieglike optrede wat daarop gemik is om uitslae te verander of om te verhinder dat normale prosedures kan plaasvind; of die deurgee van bedrieglike inligting aan ERASA of enige ander medikasiemisbruik bestrydingsorganisasie.

9.1.30 Toets. Die gedeelte van die oorhoofse proses wat daarop gemik is om medikasiemisbruik en/of –gebruik te beheer, wat te doen het met die beplanning van die verspreiding van toetsstelle, die neem en hantering van monsters en die vervoer van monsters na die laboratorium.

9.1.31 Tydsbeperkinge. Die tydsbeperkinge wat in hierdie reëls vasgelê is sal begin op die dag na die dag waarop die kennisgewing van ERASA ontvang word. Amptelike vakansiedae en nie-werksdae word ingesluit in die berekening van die periode, tensy anders aangedui. Die tydsbeperkinge soos vasgestel in hierdie reëls sal geag nagekom te wees indien die partye die vereiste mededeling(e) versend voor middernag op die laaste dag waarop die periode verstryk. Indien die laaste dag van die periode op ’n amptelike vakansiedag of nie-werksdag val, sal die periode verstryk aan die einde van die eersvolgende werksdag.

9.1.32 Gebruik. Die benutting, toepassing, inneem, inspuit of verbruik, op enige manier hoegenaamd, van enige verbande middel of middel wat as beheerde medikasie gelys is, of verbande of beheerde medikasie-metode.

9.2 INLEIDING

9.2.1 Die reëls rakende die behandeling van perde en die gepaardgaande reëls oor medikasiemisbruik en medikasiebeheer vorm saam ’n raamwerk waarop uithourit as ’n skoon sport bestuur word. Hierdie reëls, veral die wat betrekking het op verbande stowwe, is doelbewus opgestel met die Wêreld Dwelmbestrydingsagentskap se Kode vir Atlete as model. Die reëls rakende beheerde medikasie is ontwikkel met inagneming van die behoefte om beheerde medikasie aan perde te kan toedien om so tegelykertyd die perd se welsyn en die hoogste vlak van professionalisme te verseker. Die reëls is gegrond op die internasionale reëls in hierdie verband om so ’n eenvormige benadering te bewerkstellig.

9.2.2 Enige middel wat ingevolge die reëls rakende medikasiemisbruik en beheerde medikasie wat hieronder volg, verbied word, word oorkoepelend na verwys as ’n verbode middel.

9.2.2.1 Middels wat ingevolge hierdie reëls misbruik word wanneer dit aan perde toegedien word, word na verwys as verbande middels. Medikasiemisbruik is fundamenteel strydig met die gees van sport, en programme wat ten doel het om medikasiemisbruik te beheer mik daarna om die intrinsieke waardes van sport te bewaar. Hierdie intrinsieke waardes word dikwels na verwys as die “gees van sport” en vorm die kern van die Olimpiese waardes; dis hoe ons regverdig en eerlik sport beoefen. Die gees van sport word gekenmerk deur die volgende waardes:

- Etiek, regverdige optrede en eerlikheid
- Gesondheid
- Uitnemende prestasie
- Karakter en opvoeding
- Plesier en pret
- Spanwerk
- Toewyding
- Respek vir reëls en regulasies
- Respek vir jouself en ander deelnemers
- Moed
- Gemeenskaplike optrede en eensgesindheid

9.2.2.2 Middels en/of metodes wat ingevolge hierdie reëls normalerwys gebruik word vir die behandeling van perde word na verwys as beheerde medikasie. Reëls rakende beheerde medikasie is daarop gemik om ’n balans te vind tussen medikasie-vrye kompetisie en die welsyn van die perde ingevolge die ERASA medikasiekode:

ERASA Medikasiekode. Wanneer perde behandel word moet die gesondheid en welsyn van die perd ten alle tye vooropgestel word. Daarom:

- Moet alle voorgenome behandeling ten volle regverdigbaar wees op grond van die mediese toestand van die perd wat behandel word.
- Moet noodsaaklike veeartsenykundige behandeling aan perde, wat nie kan deelneem nie as gevolg van siekte of besering, toegedien word (hetsy deur die behandelende veearts wat by die uithourit diens doen of die verantwoordelike persoon se gereelde veearts). Die veearts wat die behandeling voorskryf moet die verantwoordelike persoon adviseer rakende die metode en periode van toediening van die behandeling.
- Mag geen beheerde medikasie aan ’n perd toegedien word tydens of net voor ’n byeenkoms sonder dat die toepaslike ERASA reëls rakende die magtiging vir die behandeling van die perd nagekom is nie.

9.2.3 Verantwoordelike persone word op die volgende attent gemaak:

9.2.3.1 Nie al die bestanddele word noodwendig op die etikette van veterinêre medikasie, mediese produkte, tonikums, kruiepreparate en saamgestelde voere gelys nie. Hierdie produkte kan dus verbode middels bevat.

9.2.3.2 Baie middels word deur die vel opgeneem (veral wanneer die vel beskadig of ontsteek is, maar ook deur gesonde vel) en kan dan tydens ontleding in ’n laboratorium in ’n monster wat van die perd geneem is, gevind word.

9.2.3.3 Dit word aanbeveel dat ruiters, eienaars, afrigters, helpers en veeartse altyd kruieprodukte, natuurlike produkte en enige ander produk waarvan die bestanddele en samestelling nie in detail bekend is nie, met omsigtigheid gebruik. Sommige van hierdie produkte kan een of meer verbode middels bevat. Beweringe dat die gebruik van hierdie produkte nie teenstrydig is met die reëls van ERASA nie, of dat dit nie in ’n laboratorium positief vir verbode middels sal toets nie, word op eie risiko deur die vervaardiger gemaak, en word nie deur ERASA onderskryf of goedgekeur nie.

9.2.3.4 Stalbestuur en voermetodes kan ’n impak hê op die toets van perde tydens kompetisies. Perde word soms positief getoets vir stowwe wat, hoewel dit aan die perd toegedien kon gewees het, ook die gevolg kan wees van voer- of stalkontaminasie. Voer en/of stalkontaminasie is egter nie ’n verskoning nie, en die ruiter bly steeds aanspreeklik vir die toetsuitslag.

9.2.3.5 Slegs veeartse mag verbode middels by hulle hê op die terrein van ’n uithourit, en niemand anders mag verbode middels na die terrein toe bring nie.

9.2.4 <u>Stalveiligheid</u>

9.2.4.1 Maatreëls om stalveiligheid af te dwing is nie verpligtend by byeenkomste wat onder ERASA reëls aangebied word nie.

9.2.4.2 Indien stalle in ’n veiligheidsgebied toegemaak is:

9.2.4.2.1 Behoort alle perde wat aan die betrokke uithourit deelneem in die veiligheidsgebied gehou te word. Uitsonderings moet goedgekeur word deur beide die hoofveearts/president van die veterinêre kommissie en die ritmeester of die president van die “Ground Jury”

9.2.4.2.2 Die volgende maatreëls moet in plek gestel word om ’n ten volle veilige gebied te skep:

- Die hele gebied moet met ’n maasdraadveiligheidsheining van ten minste 1800mm hoog omhein wees. Die maasdraad moet behoorlik vasgemaak wees om te voorkom dat enige persoon die gebied kan betree. Slegs een hek mag toegang tot die gebied verleen.
- ’n Veiligheidswag moet by die hek diens doen, sowel as ten minste twee swerfwagte wat die hele gebied voortdurend patrolleer. Die wagte moet opdrag gegee word om op die uitkyk te wees vir verdagte optrede wat moontlik verband kan hou met die toedien van verbode middels.
- Die ingaan en uitgaan van alle persone en perde moet te alle tye (dag en nag) aangeteken word. ’n Register moet vir die doel bygehou word.
- Slegs persone wat deur die ritkomitee geakkrediteer is mag die gebied betree. Slegs die volgende persone mag geakkrediteer word, en hulle moet duidelik uitkenbaar wees deur aan ’n beffie en/of identiteitskaart:
    - Ritmeester of president van die “Ground Jury”

- Ritbeamptes
- Lede van die veeartspaneel of veeartskommissie
- Behandelende veeartse
- Spanveeartse
- Terapeute (bv. fisioterapeute of masseerders)
- Hoefsmede
- Verantwoordelike persone/eienaars/ruiters
- Spanbestuurders / Chef's d'Equipe
- Presidente van Nasionale Federasies

9.2.4.3 Indien geen stalveiligheidsmaatreëls ingestel is nie, of indien die veiligheidsgebied nie aan bostaande vereistes voldoen nie, bly die verantwoordelike persoon te alle tye verantwoordelik daarvoor om toesig oor sy perd te hou.

9.3 TERAPEUTIESE GEBRUIKSVRYSTELLINGS VIR PERDE / MEDIKASIEVORMS

9.3.1 Wanneer perde tydens of net voor 'n uithourit wat onder die beskerming van ERASA aangebied word behandel word, kan die medikasie wat so toegedien word:

9.3.1.1 Gevolge inhou vir die daaropvolgende toets van die perd vir die teenwoordigheid van verbode middels; of

9.3.1.2 Aan die perd 'n onregmatige voordeel gee deur pyn te verberg of die perd se prestasie te verbeter.

9.3.2 ERASA het daarom 'n stelsel daargestel wat soortgelyk is aan die FEI se stelsel, en wat vergelykbaar is met die Wêreld Dwelmbestrydingsorganisasie se terapeutiese gebruiksvrystellings wat tydens sportbyeenkomste vir atlete gebruik word.

9.3.3 Om magtiging te kry vir die behandeling van 'n perd voor en/of gedurende 'n uithourit en daarmee saam toestemming om met die uithourit voort te gaan, moet 'n terapeutiese gebruiksvrystelling vir perde (PTGV) of 'n medikasievorm gebruik word. Dieselfde dokumentasie kan ook in retrospek gebruik word indien perde kort voor die byeenkoms behandel was, en kan deur die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen gemagtig word wanneer die perd en verantwoordelike persoon by die terrein van die rit aankom. Meer detail verskyn in Artikels 9.4 tot 9.7. Let asseblief op dat alle PTGV's en medikasievorms slegs in Engels beskikbaar gestel word, ter wille van eenvormigheid.

9.3.4 Dit is nie moontlik om alle moontlike gebeure in hierdie reëls te dek nie, en daarom berus die finale besluit of 'n bepaalde perd toegelaat kan word om in te skryf vir 'n bepaalde rit op die mening van die hoofveearts of die president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen. Die welsyn van die perd sal te alle tye vooropgestel word. Die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen moet altyd:

9.3.4.1 Voordat hy enige medikasievorms teken, seker maak dat die perd wel geskik is om deel te neem; en

9.3.4.2 Oorweging skenk daaraan of die medikasie wat toegedien was of toegedien staan te word moontlik 'n nadelige invloed kan hê op die regverdigheid van die kompetisie

9.3.5 Alle PTGV's en medikasievorms is slegs geldig vir die bepaalde uithourit waarvoor hulle voltooi is.

9.4 VERKLARING VAN BEHANDELING WAT VOOR AANKOMS BY DIE RITTERREIN TOEGEDIEN WAS

9.4.1 In beginsel behoort geen perd voor enige rit met 'n verbode middel behandel te word indien die middel of sy metaboliete waarskynlik steeds opspoorbaar sal wees wanneer die perd met die rit begin nie. Inligting oor die opsporingstye van 'n aantal middels is beskikbaar op die FEI se webblad (www.fei.org), en produkte wat op hierdie lys verskyn moet by voorkeur gebruik word (sodat die verantwoordelike persoon sal weet wanneer die middel nie meer in 'n monster wat van die perd geneem word, opgespoor sal kan word).

9.4.2 Indien 'n perd gedurende die laaste veertien (14) dae voor 'n uithourit met 'n verbode middel behandel moet word, het die verantwoordelike persoon twee opsies:

9.4.2.1 ERASA PTGV 4 (Opinie rakende behandeling wat voor 'n ritbyeenkoms toegedien is, kyk aanhangsel D) kan voltooi en aan die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde vir 'n opinie voorgelê word voordat hy na die rit vertrek (kyk Artikel 9.4.3), of

9.4.2.2 ERASA PTGV 1 (Magtiging vir noodbehandeling, kyk aanhangsel B) kan voltooi en aan die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen voorgelê word by aankoms op die terrein van die rit (kyk artikel 9.4.4).

9.4.3 Voor vertrek na die ritbyeenkoms:

9.4.3.1 Die verantwoordelike persoon moet die veearts wat die perd behandel het versoek om ERASA PTGV 4 in te vul.

9.4.3.2 Die voltooide ERASA PTGV 4 word per faks of e-pos na die ERASA Raadsveearts of sy gedeleeerde gestuur.

9.4.3.3 Die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde moet ERASA PTGV 4 deeglik bestudeer, oorweging skenk aan die tydsverloop tussen behandeling en deelname aan die bepaalde uithourit en ook aan enige onregmatige voordeel wat die perd sou kon trek uit die behandeling wat toegedien is. Die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde oorweeg die saak bloot op grond van die dokumentasie wat aan hom voorgelê word en indien hy toestemming gee dat die perd mag inskryf, is hierdie toestemming voorwaardelik. Die perd moet daarna steeds deur die veeartspaneel of veearts-kommissie ondersoek word na aankoms by die ritbyeenkoms en kan dan steeds ongeskik bevind word om deel te neem op grond van ander faktore as die behandeling wat toegedien is.

9.4.3.4 Nadat die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde die inligting bestudeer het, voltooi hy die toepaslike gedeelte van ERASA PTGV 4, stuur die vorm terug na die verantwoordelike persoon (per faks of e-pos), en stuur ook 'n afskrif van die vorm na die ritkomitee of die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die bepaalde rit diens gaan doen.

9.4.3.5 Die verantwoordelike persoon moet, so gou as moontlik na aankoms by die ritbyeenkoms, met die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die bepaalde rit diens doen in gesprek tree. Die verantwoordelike persoon moet tydens die

gesprek die afskrif van ERASA PTGV 4 aan die hoofveearts of president van die veeartskommissie oorhandig.

9.4.3.6 Die hoofveearts/president van die veeartskommissie moet die betrokke perd ondersoek (hierdie ondersoek word uitgevoer ten tye van die eerste veterinêre (voor-rit) inspeksie by die rit) en sal ERASA PTGV 4 onderteken (en daardeur die perd toelaat om aan die rit deel te neem) indien hy tevrede is dat:

9.4.3.6.1 Die toestand waarvoor die perd behandel is, nie sal versleg indien die perd toegelaat word om deel te neem nie; en

9.4.3.6.2 Die perd geskik is om deel te neem.

9.4.3.7 In al hierdie gevalle moet ERASA PTGV 4 mede-onderteken word deur die ritmeester of president van die "Ground Jury" wat by die bepaalde rit diens doen.

9.4.3.8 Die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen moet:

- 'n Afskrif van ERASA PTGV 4 aanheg tot die hoofveeartsverslag wat by die ERASA kantoor ingedien moet word na die rit. Die ERASA kantoor moet hierdie afskrif na die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde versend.
- Die oorspronklike hou vir 'n periode van vier-en-twintig maande en dit beskikbaar stel wanneer so versoek deur die ERASA Algemene Bestuurder.
-

9.4.4 By die ritbyeenkoms

9.4.4.1 Die verantwoordelike persoon moet die veearts wat die perd behandel het versoek om ERASA PTGV 1 in te vul voordat hy na die ritbyeenkoms vertrek. Indien dit nie moontlik is nie, moet die verantwoordelike persoon die boonste deel van ERASA PTGV 1 (die deel wat gewoonlik deur die behandelende veearts voltooi word) by aankoms by die ritbyeenkoms voltooi.

9.4.4.2 Die verantwoordelike persoon moet so gou moontlik na aankoms by die ritbyeenkoms met die hoofveearts/president van die veeartskommissie in gesprek tree. Die verantwoordelike persoon moet ERASA PTGV 1 tydens die gesprek aan die hoofveearts/president van die veeartskommissie oorhandig.

9.4.4.3 Die hoofveearts/president van die veeartskommissie moet die betrokke perd ondersoek (hierdie ondersoek word uitgevoer ten tye van die eerste veterinêre (voor-rit) inspeksie by die rit) en sal ERASA PTGV 1 onderteken (en daardeur die perd toelaat om aan die rit deel te neem) indien hy tevrede is dat:

9.4.4.3.1 Die perd nie 'n onregmatige voordeel sal geniet a.g.v. die behandeling nie; en

9.4.4.3.2 Die toestand waarvoor die perd behandel is, nie sal versleg indien die perd toegelaat word om deel te neem nie; en

9.4.4.3.3 Die perd geskik is om deel te neem.

9.4.4.4 In al hierdie gevalle moet ERASA PTGV 1 mede-onderteken word deur die ritmeester of president van die "Ground Jury" wat by die bepaalde rit diens doen.

9.4.4.5 Die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen moet:

- 'n Afskrif van ERASA PTGV 1 aanheg tot die hoofveeartsverslag wat by die ERASA kantoor ingedien moet word na die rit. Die ERASA kantoor moet hierdie afskrif na die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde versend.
- Die oorspronklike hou vir 'n periode van vier-en-twintig maande en dit beskikbaar stel wanneer so versoek deur die ERASA Algemene Bestuurder

9.5 BEHANDELING MET 'N MIDDEL WAT GELYS IS OP DIE FEI SE LYS VAN VERBODE MIDDELS

9.5.1 Indien 'n perd tydens 'n ritbyeenkoms met 'n verbode middel behandel moet word, moet die behandelende veearts, voordat die perd behandel word, met die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen konsulteer rakende:

9.5.1.1 Die toestand van die perd (met spesifieke verwysing na die redes waarom die perd behandel moet word)

9.5.1.2 Of die perd geskik is om aan die rit deel te neem (met of sonder behandeling)

9.5.1.3 Die voorgenome behandeling

9.5.2 Die hoofveearts/president van die veeartskommissie behoort die perd ook te ondersoek (indien enigsins moontlik) om te bepaal of die perd steeds geskik is om deel te neem, en om te bepaal of die voorgenome behandeling 'n onregmatige voordeel aan die perd sal gee. Die besluit of die betrokke toestand gering is en of die medikasie wat voorgestel of versoek word 'n onregmatige voordeel aan die perd sal gee moet per geval geneem word. Die welsyn van die perd moet absolute voorrang geniet.

9.5.3 Indien die hoofveearts of president van die veeartskommissie saamstem dat die voorgenome behandeling noodsaaklik is, moet ERASA PTGV 1 voltooi word en deur die ritmeester of president van die "Ground Jury" wat by die bepaalde rit diens doen mede-onderteken word. Die besluit of die perd mag voortgaan met die rit al dan nie moet duidelik op die PTGV aangedui word (hierdie besluit word geneem deur die hoofveearts/president van die veeartskommissie, en sy besluit is finaal). Die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen moet:

- 'n Afskrif van ERASA PTGV 1 aanheg tot die hoofveeartsverslag wat by die ERASA kantoor ingedien moet word na die rit. Die ERASA kantoor moet hierdie afskrif na die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde versend.
- Die oorspronklike hou vir 'n periode van vier-en-twintig maande en dit beskikbaar stel wanneer so versoek deur die ERASA Algemene Bestuurder

9.5.4 Indien behandeling aangedui of noodsaaklik wees nadat 'n perd uitgetree/onttrek/geëlimineer/gediskwalifiseer is, kan die behandelende veearts met die beplande behandeling voortgaan sonder om eers met die hoofveearts/president van die veeartskommissie te konsulteer. ERASA PTGV 1 moet steeds deur die behandelende veearts voltooi word. Hy moet duidelik aandui dat die behandeling toegedien is nadat die perd uitgetree/onttrek/geëlimineer/gediskwalifiseer is en die voltooide PTGV aan die hoofveearts/president van die veeartskommissie oorhandig

voordat hy die terrein van die rit verlaat. Vir hierdie gevalle hoef die PTGV nie deur die ritmeester/president van die "Ground Jury" mede-onderteken te word nie. Die hoofveearts/president van die veeartskommissie moet:

9.5.4.1 'n Afskrif van ERASA PTGV 1 aanheg tot die hoofveeartsverslag wat by die ERASA kantoor ingedien moet word na die rit. Die ERASA kantoor moet hierdie afskrif na die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde versend.

9.5.4.2 Die oorspronklike hou vir 'n periode van vier-en-twintig maande en dit beskikbaar stel wanneer so versoek deur die ERASA Algemene Bestuurder

9.5.5 Behandeling wat toegedien word sonder dat die toepaslike PTGV voltooi is sal as onregmatig en strydig met die beginsels van medikasievrye sport beskou word, en deelnemers sal onderhewig wees aan dissiplinêre optrede deur ERASA

9.5.6 Die gebruik van verbode middels tydens 'n uithourit mag slegs onder buitengewone omstandighede toegelaat word. 'n Voorbeeld hiervan is die gebruik van lokale verdowing wanneer 'n klein wondjie geheg moet word. Intra-artikulêre inspuitings en/of die gebruik van nie-steroïed anti-inflammatoriese middels ("NSAIDS") en herhaaldelike behandeling vir 'n spesifieke toestand is nie toelaatbaar nie. Indien hierdie vorms van behandeling noodsaaklik is moet die perd eers van die rit onttrek/uitgetree/geëlimineer word.

9.5.7 Indien behandeling genoodsaak is nadat 'n perd die rit voltooi het, of nadat 'n ruiter die trapleer gestop het, en nadat die perd die veterinêre inspeksie na afloop van die laaste been van die rit geslaag het, mag die perd dadelik behandel word sonder straf of eliminasie.

9.5.8 Indien 'n lid van die veeartspaneel of veeartskommissie of die behandelende veearts van mening is dat 'n perd onmiddellike behandeling benodig (hetsy lewensreddend of om die verslegting van 'n besering of toestand te voorkom), mag die verantwoordelike persoon nie hierdie behandeling weier nie.

9.6 MAGTIGING VIR DIE GEBRUIK VAN MEDIKASIE WAT NIE OP DIE FEI SE LYS VAN VERBODE MIDDELS VOORKOM NIE

9.6.1 Orale toediening (direk in die bek, en nie met 'n maagbuis nie) of topikale aanwending (aangewend op 'n liggaamsoppervlak; slegs aanwending op die vel of die slymvliese van die oog en oor word toegelaat) van die middels wat hieronder gelys word, word by 'n ritbyeenkoms toegelaat. Vooraf magtiging hoef nie hiervoor verkry te word nie. Indien die verantwoordelike persoon onseker is of 'n spesifieke produk gebruik kan word al dan nie, behoort die advies van die hoofveearts of die president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen ingewin te word voordat die middel toegedien word. Hierdie middels, waarna ook verwys word as toegelate medikasie, sluit die volgende in (alle produkte wat op die FEI se lys vir verbode middels gelys word, is outomaties uitgesluit):

9.6.1.1 Antibiotika (alle, met uitsondering van prokaïenpenisilien)

9.6.1.2 Anti-protozoïese medikasie

9.6.1.3 Ontwurmingsmedikasie (alle, met die uitsondering van levamisool of tetramisool)

9.6.1.4 Medikasie vir die behandeling of voorkoming van maagsere (spesifieke generiese name sluit in omeprasool, ranitidien, simetidien en sukralfaat)

9.6.1.5 Insekafweermiddels

9.6.1.6 Vitamiene, aminosure en elektroliete

9.6.1.7 Alle topikale wondsalwe wat NIE ’n kortikosteroïed, lokale verdowing of irriterende komponent of enige ander middel wat op die FEI se lys van verbode middellys voorkom, bevat nie.

9.6.1.8 Medikasie gebruik vir die voorkoming en behandeling van gewrigsslytasie (bv. kondroïetien of glukosamien)

9.6.1.9 Medikasie wat gebruik word om oestrus by merries te beheer (op aanbeveling van die veearts wat gewoonlik die perd behandel)

9.6.2. Indien ’n verantwoordelike persoon enige van die middels gelys in artikel 9.6.1.1 tot 9.6.1.9 hierbo deur enige ander roete as topikaal of oraal (direk in die bek) tydens ’n ritbyeenkoms wil toedien, insluitend maar nie beperk tot inspuiting daarvan of toediening deur ’n maagbuis, moet vooraf geskrewe magtiging van die hoofveearts/president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen, verkry word deur gebruik te maak van Medikasievorm 3 (kyk aanhangsel C). Die hoofveearts of president van die veeartskommissie mag toestemming gee vir die toediening van hierdie middels deur ’n roete anders as oraal of topikaal voor die begin of na afloop van die rit, maar mag nooit toestemming gee vir die toediening van die middels deur enige roete anders as oraal of topikaal gedurende die rit nie. Vir doeleindes van hierdie artikel word die rit geag om te begin wanneer die perd aan die eerste (voor-rit) inspeksie onderwerp word, en te eindig nadat die perd die laaste keer deur die veeartspaneel of veeartskommissie ondersoek was na voltooiing van die laaste been. Wanneer toegelate medikasie ingespuit of deur middel van ’n maagbuis toegedien staan te word:

9.6.2.1 Moet die verantwoordelike persoon die perd na die behandelende veearts wat by die rit diens doen neem.

9.6.2.2 Moet ERASA medikasievorm 3 deur die behandelende veearts ingevul en onderteken word en dan deur die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen gemagtig word. Mede-ondertekening deur die ritmeester of president van die “Ground Jury” word nie vereis nie. Die hoofveearts/president van die veeartskommissie moet:

9.6.2.2.1 ’n Afskrif van ERASA Medikasievorm 3 aanheg tot die hoofveeartsverslag wat by die ERASA kantoor ingedien moet word na die rit. Die ERASA kantoor moet hierdie afskrif na die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde versend.

9.6.2.2.2 Die oorspronklike hou vir ’n periode van vier-en-twintig maande en dit beskikbaar stel wanneer so versoek deur die ERASA Algemene Bestuurder

9.6.2.3 Die medikasie moet deur die behandelende veearts wat by die rit diens doen, toegedien word.

9.6.3 Artikel 9.6.2 geld ten opsigte van alle middels wat in artikels 9.6.1.1 tot 9.6.1.9 gelys word (slegs indien een van hierdie middels deur ’n ander roete as oraal of topikaal toegedien staan te word). Neem kennis van die volgende:

9.6.3.1 Die gebruik van ’n masker vir inasemingsterapie is verbode tydens ritbyeenkomste. Dit sluit ook die gebruik van ’n papiersak (of soortgelyk) vir die korttermyn behandeling van gesinkroniseerde diafragmatiese bewing (bonsing, “thumps”) in.

9.6.3.2 Intra-artikulêre, vaginale en rektale toediening van enige medikasie is verbode tydens ritbyeenkomste. Die gebruik van ys in die perd se rektum om die liggaamstemperatuur te verlaag is hierby ingesluit.

9.6.3.3 Prokaïenpenisillien mag nie gedurende ’n rtibyeenkoms toegedien word nie.

9.6.3.4 Spesifieke voorbeelde van middels wat gewrigsslytasie verminder en wat toegedien mag word is Legend of Hyonate binne-aars en Adequan of Pentosaanpolisulfaat binnespiers.

9.6.3.5 Magtiging vir die toedien van hierdie middels deur ander enige roete as oraal of topikaal is nie ’n reg nie, en toestemming moet altyd vooraf van die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen verkry word.

9.6.3.6 Monsters van middels wat deur die verantwoordelike persoon verskaf word, mag deur die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen geneem word om vir verbode middels getoets te word.

9.6.3.7 Dit word beklemtoon dat die toediening van toegelate medikasie deur enige ander roete dan oraal (direk in die bek) of topikaal (op die vel of die slymvliese van die oog en oor) gedurende die periode wat begin wanneer die perd aan die eerste (voor-rit) inspeksie onderwerp word tot na die finale ondersoek na voltooiing van die laaste been van die rit totaal en al verbode is.

9.7 DREMPELWAARDES

9.7.1 Perde mag aan uithouritte deelneem terwyl sekere spesifieke stowwe waarvoor drempelwaardes/verhoudinge hieronder gelys word, in hul weefsels, liggaamsvloeistowwe of uitwerpsels teenwoordig is, onder voorwaarde dat die konsentrasie van die betrokke middel nooit die drempelwaarde/verhouding hieronder oorskry nie. Drempelwaardes geld slegs vir:

9.7.1.1 Stowwe wat natuurlik in die perd se liggaam voorkom;

9.7.1.2 Stowwe wat hul oorsprong het in plantmateriaal wat tradisioneel deur perde bewei of as perdevoer geoes word; of

9.7.1.3 Stowwe wat in perdevoer voorkom a.g.v. kontaminasie gedurende die normale oesproses, verwerking, berging of vervoer van die voer.

9.7.2 Die volgende is ’n uitsluitlike lys van stowwe waarvoor drempelwaardes bepaal is. Indien enige van hierdie stowwe teen ’n laer konsentrasie as wat in die tabel aangedui is, teenwoordig is in ’n monster wat van ’n perd geneem is, sal dit nie as ’n oortreding van die reëls rakende medikasiemisbruik of medikasiebeheer by perde beskou word nie.

Stof	Drempelwaarde/verhouding
Beskikbare koolstofdioksied (CO_2)	36 millimol per liter in plasma
Boldenoon	0.015 mikrogram vrye en vervoegde boldenoon per milliliter in urine van hingste (nie reunperde nie)
Dimetielsulfoksied	15 mikrogram per ml in urine of 1 mikrogram per ml in plasma
Estranediol	Vrye en vervoegde 5α-estrane-3β,17α-diol - 0.045 mikrogram per ml in urine van hingste (nie reunperde nie)
Hidrokortisoon	1 mikrogram per ml in urine
Salisielsuur	625 mikrogram per ml in urine of 5,4 mikrogram per ml in plasma
Testosteroon	0.02 mikrogram vrye en vervoegde testosteroon per ml in urine van reunperde OF 0.055 mikrogram vrye en vervoegde testosteroon per ml in urine van merries (tensy dragtig)

9.8 ALTERNATIEWE BEHANDELING VAN PERDE BY ERASA UITHOURITTE

9.8.1 Alternatiewe behandeling van perde word by uithouritte toegelaat mits dit gedoen word deur persone wat behoorlik daarvoor opgelei is, met die uitsondering van:

9.8.1.1 Akupunktuur of alternatiewe behandeling waar verbode middels en/of metodes gebruik word is verbode.

9.8.1.2 Skokgolfbehandeling en krioterapie word nie tydens uithouritte of gedurende ’n periode van vyf dae voor die eerste (voor-rit) inspeksie toegelaat nie. Afkoel met ys en water word wel toegelaat, onder voorwaarde dat die temperatuur nie tot benede 0ºC verlaag word nie. Afkoel met apparaat wat die temperatuur tot benede vriespunt verlaag, is nie toelaatbaar nie.

9.8.2 Die verskaffers van alternatiewe terapie (insluitend, maar nie beperk nie tot perde masseerders, fisioterapeute en chiropraktisyns) moet vooraf skriftelike magtiging van die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen, verkry. Hierdie persone:

9.8.2.1 Mag nie enige diagnostiese of terapeutiese prosedures uitvoer wat normaalweg beskou word om binne die domein van ’n veearts te wees, uitvoer nie.

9.8.2.2 Moet, wanneer perde deur ’n veearts na hulle verwys word, die diens wat versoek was lewer en daarna aan die verwysende veearts terugvoer gee met betrekking tot hul bevindinge en die prosedures wat uitgevoer is.

9.8.2.3 Moet perde wat ooglopend tekens van siekte en/of besering toon na die behandelende veearts verwys.

9.8.2.4 Moet, wanneer nodig of aangedui, die behandelende veearts kontak om ’n bepaalde geval met hom te bespreek.

9.8.3 Die gebruik van pulserende elektromagnetiese-veld terapie (gewoonlik in die vorm van ’n kombers of tipe verband wat op die perd se lyf geplaas word) is toelaatbaar en kan deur goedgekeurde verskaffers van alternatiewe terapie, of die verantwoordelike persoon of een van sy/haar helpers toegepas word.

9.9 OORTREDINGS VAN DIE REËLS RAKENDE MEDIKASIEMISBRUIK BY PERDE

9.9.1 Verantwoordelike persone moet hulself vertroud maak met, en dit sal onweerlegbaar aanvaar word dat hul kennis dra van:

9.9.1.1 Dit wat as oortredings van die reëls rakende medikasiemisbruik by perde beskou word; en

9.9.1.2 Die middels en metodes wat as verbande middels en/of verbande metodes op die FEI se lys van verbode middels gelys is.

9.9.2 Wanneer verbande middels of verbande metodes ter sprake is word die volgende as oortredings van die reëls rakende medikasiemisbruik in perde beskou:

9.9.2.1 Die teenwoordigheid van ’n verbande middel, of die metaboliete of merkers daarvan, in ’n monster wat van ’n perd geneem is.

9.9.2.1.1 Dit is die persoonlike verantwoordelikheid van elke verantwoordelike persoon om seker te maak dat geen verbande middel op sy perd gebruik word nie.

9.9.2.1.2 Die volgende sal geld as bewys dat ’n oortreding van die reëls ingevolge artikel 9.9.2.1 begaan is:

9.9.2.1.2.1 Die teenwoordigheid van ’n verbande middel, of die metaboliete of merkers daarvan, in die A monster wat van ’n perd geneem is, indien die verantwoordelike persoon afstand doen van sy reg om die B monster te laat ontleed en die B monster nie ontleed word nie.

9.9.2.1.2.2 Indien die B monster ontleed word en die ontleding daarvan die teenwoordigheid van die verbande middel, of die metaboliete of merkers daarvan, wat in die A monster gevind was, bevestig.

9.9.2.2 Die gebruik of gepoogde gebruik van ’n verbande middel of metode.

9.9.2.2.1 Niemand mag ’n verbande middel op ’n perd gebruik of poog om dit op ’n perd te gebruik nie.

9.9.2.2.2 Die sukses al dan nie van die gebruik of gepoogde gebruik van ’n verbande middel of ’n verbande metode is nie tersaaklik nie. Die blote gebruik/gepoogde gebruik van die verbande middel of verbande metode is reeds ’n oortreding van die reëls rakende medikasiemisbruik in perde

9.9.2.3 Weiering om toe te laat dat ’n monster geneem word, en/of in gebreke bly om die perd beskikbaar te stel sodat ’n monster geneem kan word, nadat kennis daarvan ingevolge hierdie reëls gegee is, en/of om op enige ander manier monsterneming te ontduik, en/of weiering om die ERASA monsterverslagvorm te onderteken.

9.9.2.4 Peuter en/of poog om met enige gedeelte van die medikasiemisbruikbeheerproses te peuter.

9.10 OORTREDINGS VAN DIE REËLS RAKENDE BEHEERDE MEDIKASIE IN PERDE

9.10.1 Verantwoordelike persone moet hulself vertroud maak met, en dit sal onweerlegbaar aanvaar word dat hul kennis dra van:

9.10.1.1 Dit wat as oortredings van die reëls rakende beheerde medikasie in perde beskou word; en

9.10.1.2 Die middels en metodes wat as beheerde medikasie en/of beheerde medikasie metodes op die FEI se lys van verbode middels ingesluit is.

9.10.2 Wanneer beheerde medikasie of beheerde medikasie metodes ter sprake is word die volgende as oortredings van die reëls rakende medikasiebeheer by perde beskou:

9.10.2.1 Die teenwoordigheid van ’n middel wat as beheerde medikasie gelys is, of die metaboliete of merkers daarvan, in ’n monster wat van ’n perd geneem is.

9.10.2.1.1 Dit is die persoonlike verantwoordelikheid van elke verantwoordelike persoon om seker te maak dat geen beheerde medikasie op sy perd gebruik word nie.

9.10.2.1.2 Die volgende sal dien as bewys dat ’n oortreding van die reëls ingevolge artikel 9.10.2.1 begaan is:

9.10.2.1.2.1 Die teenwoordigheid van ’n middel wat as beheerde medikasie gelys is, of die metaboliete of merkers daarvan, in die A monster wat van ’n perd geneem is, indien die verantwoordelike persoon afstand doen van sy reg om die B monster te laat ontleed en die B monster nie ontleed word nie.

9.10.2.1.2.2 Indien die B monster ontleed word en die ontleding daarvan die teenwoordigheid van die middel wat as beheerde medikasie gelys is, of die metaboliete of merkers daarvan, wat in die A monster gevind was, bevestig.

9.10.2.1.3 Die teenwoordigheid van enige hoeveelheid van ’n middel op die beheerde medikasielys, of die metaboliete of merkers daarvan, in die monster wat van ’n perd geneem is sal beskou word as ’n oortreding van die reëls rakende beheerde medikasie in perde, behalwe indien:

9.10.2.1.3.1 Die vlak van die middel laer is as die kwantitatiewe drempelwaarde of toegelate limiet ten opsigte van middels

waarvoor drempelwaardes of toegelate limiete in die FEI se lys van verbode middels gepubliseer is; of

9.10.2.1.3.2 Die beheerde medikasie toegedien was nadat vooraf magtiging by ’n ritbyeenkoms verkry was en waar hierdie magtiging gestaaf kan word deur die toepaslike PTGV of medikasievorm; of

9.10.2.1.3.3 Indien die beheerde medikasie toegedien was voor aankoms by die ritbyeenkoms, en waar magtiging verkry was voor vertrek na of na aankoms by die ritbyeenkoms en waar hierdie magtiging gestaaf kan word deur die toepaslike PTGV of medikasievorm.

9.10.2.2 Die gebruik of gepoogde gebruik van ’n middel wat op die beheerde medikasielys verskyn, of ’n beheerde medikasie metode

9.10.2.2.1 Niemand mag gedurende ’n ritbyeenkoms ’n middel wat op die beheerde medikasielys verskyn op ’n perd gebruik of poog om dit op ’n perd te gebruik sonder vooraf magtiging nie (die magtiging moet gestaaf word deur die gebruik van die toepaslike PTGV of medikasievorm).

9.10.2.2.2 Die sukses al dan nie van die gebruik of gepoogde gebruik van ’n middel op die beheerde medikasielys of ’n beheerde medikasiemetode is nie tersaaklik nie. Die blote gebruik/gepoogde gebruik van die middel op die beheerde medikasielys of beheerde medikasiemetode is reeds ’n oortreding van die reëls rakende beheerde medikasie in perde

9.10.2.3 Weiering om toe te laat dat ’n monster van ’n perd geneem word en/of in gebreke bly om ’n perd beskikbaar te stel sodat ’n monster geneem kan word, nadat kennis daarvan ingevolge hierdie reëls gegee is, en/of om op enige ander manier monsterneming te ontduik, en/of weiering om die ERASA monsterverslagvorm te onderteken.

9.10.2.4 Peuter en/of poog om met enige gedeelte van die medikasiebeheerproses te peuter.

9.11 DIE LYS VAN VERBODE MIDDELS VIR PERDE

9.11.1 Die lys van verbode middels vir perde wat deur die FEI gepubliseer en van tyd tot tyd hersien word vorm ’n integrale deel van die ERASA reëls. ERASA sal die huidige lys so publiseer dat dit vir al sy lede toeganklik is. Die beskikbaarstelling op die ERASA webblad van ’n koppeling na die FEI se webblad waar die lys gepubliseer word sal as voldoende beskou word vir doeleindes hiervan.

9.11.2 Die FEI kan die lys van verbode middels vir perde van tyd tot tyd hersien deur ’n nuwe lys op die FEI se webblad of op enige ander toepaslike metode te publiseer, en hierdie nuwe lys sal in werking tree by alle uithouritte wat onder beskerming van ERASA aangebied word op dieselfde datum as wat die lys in werking tree by byeenkomste onder beskerming van die FEI.

9.11.3 Die FEI se kategorisering van ’n middel of metode as ’n verbande middel of verbande metode (in besonder), of as beheerde medikasie of ’n beheerde medikasiemetode is finaal en

bindend op alle partye en kan nie deur enige verantwoordelike persoon of enige ander persoon op enige gronde beveg kan word nie.

9.12 TOETS

9.12.1 Alle perde, hetsy geregistreer by ERASA of nie, wat aan 'n uithourit wat onder beskerming van ERASA aangebied word, deelneem, is onderhewig daaraan om te enige tyd gedurende die ritbyeenkoms getoets te word. Dit is uitsluitlik ERASA se verantwoordelikheid om perde by alle uithouritte wat onder beskerming van ERASA aangebied word te toets, en geen ander instelling mag by ritte wat onder beskerming van ERASA aangebied word, toetse uitvoer sonder ERASA se uitdruklike skriftelike toestemming nie.

9.12.2 Die toets van perde by uithouritte onder die beskerming van ERASA vind plaas onder die oorhoofse toesig van die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen, en hy/sy is daartoe gemagtig om, namens die Raad, een of meer veeartse (hierna na verwys as toets-veeartse) spesifiek aan te stel om tydens die rit monsters te neem. Hierdie aanstellings sal geag word om deur die Raad gemaak te wees.

9.12.3 Die Raad is gemagtig om enige ander medikasiemisbruikbeheerorganisasie aan te stel om toetse by uithouritte wat onder die beskerming van ERASA aangebied word uit te voer, hetsy om so die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen by te staan, of om die toetsproses by 'n spesifieke rit in sy geheel uit te voer.

9.12.4 Die keuse van perde wat getoets staan te word oorgelaat aan die diskresie van die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die rit diens doen. Perde kan volgens een van die volgende metodes vir monsterneming gekies word (nie al die metodes hoef by elke uithourit toegepas te word nie):

9.12.4.1 Die toets van die toppresteerders (die top perd(e) in elke kategorie).

9.12.4.2 Ewekansige toets van perde (ewekansige seleksie van perde op grond van riglyne wat deur die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde verskaf is).

9.12.4.3 Teikentoetsing (waar perde vir toetsing gekies word op grond van waarnemings deur die lede van die veeartspaneel/veeartskommissie of ander beamptes van die rit, of op grond van inligting wat aan 'n lid van die veeartspaneel/veeartskommissie of 'n ander beampte van die rit verskaf is).

9.13 MONSTERNEMING

9.13.1 Ingeligte toestemming. Elke verantwoordelike persoon moet die voorgeskrewe "Ingeligte Toestemming" dokument (wat deel vorm van die voorgeskrewe "Vrywaring, vrywillige aanvaarding van risiko, toestemming om vir verbode middels te toets en nood mediese/veterinêre behandeling" dokument, kyk Hoofstuk 2) vir elke perd wat hy/sy vir 'n uithourit wat onder die beskerming van ERASA aangebied word inskryf, voltooi en onderteken.

9.13.1.1 Vir alle perde waarvan monsters tydens die ritbyeenkoms geneem is, moet 'n afskrif van hierdie dokument aan die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde beskikbaar gestel word.

9.13.1.2 Die dokumente moet vir ’n periode van vier-en-twintig (24) maande vanaf die datum van die ritbyeenkoms deur die ritkomitee bewaar en op versoek aan die ERASA Algemene Bestuurder beskikbaar gestel word.

9.13.2 Monsters word geneem en ontleed om die teenwoordigheid van verbande middels en/of middels wat as beheerde medikasie gelys is, sowel as verbande en/of beheerde medikasiemetodes wat op die FEI se lys van verbode middels vir perde verskyn, te bepaal. Die teenwoordigheid van ’n verbode middel in ’n perd kan bepaal word deur ontleding van ’n monster geneem van sy weefsels, liggaamsvloeistowwe (hoofsaaklik bloed) of ekskreta (hoofsaaklik urine). Bloedmonsters sal normalerwys van alle perde wat gekies is om getoets te word, geneem word.

9.13.3 Die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die bepaalde rit diens doen kan toestemming gee dat ander items of materiaal (soos bv. haarmonsters, verbande, veldeppers, spuite, naalde, speeksel, monsters van rehidrasie-vloeistowwe of monsters van verdagte stowwe) wat redelikerwys geag kan word om met die perd verbind te wees, geneem word. Hierdie monsters sal geneem word ingevolge spesifieke riglyne wat op daardie tydstip van toepassing is of, indien sulke riglyne nie beskikbaar is nie, op ’n manier wat deur die hoofveearts of president van die veeartskommissie voorgeskryf word.

9.13.4 Perde mag te enige tyd gedurende ’n ritbyeenkoms waaraan hul deelneem getoets word. Die tydstip waarop die monsters geneem word, word oorgelaat aan die diskresie van die hoofveearts of president van die veeartskommissie wat by die bepaalde rit diens doen. Monsters mag by meer as een geleentheid gedurende ’n ritbyeenkoms van ’n perd geneem word. Vir praktiese doeleindes word dit aanbeveel dat monsters geneem word direk nadat perde deur die veeartspaneel/veeartskommissie ondersoek is (insluitend, maar nie beperk tot nie, die finale inspeksie na voltooiing van die laaste been van die rit)

9.13.5 Die verantwoordelike persoon moet sy volle samewerking gee aan die toets-veearts en/of enige ander beampte wat aangestel is om ’n monster of enige ander item/materiaal soos omskryf in artikel 9.13.3 van sy perd te neem.

9.14 PROTOKOL VIR MONSTERNEMING

9.14.1 Monsters wat getoets gaan word vir verbande middels en/of middels gelys as beheerde medikasie en/of verbande en/of beheerde medikasiemetodes moet deur ’n veearts geneem word. Steunpersoneel (aangestel deur die ritkomitee in oorleg met die veearts) mag die veearts bystaan met administratiewe aspekte van toetsing. Indien daar ’n botsing van belange is wat die aangestelde toets-veearts raak, moet die monsters deur ’n ander lid van die veeartspaneel/veeartskommissie, soos aangestel deur die hoofveearts of president van die veeartskommissie, geneem word.

9.14.2 By alle ritte onder beskerming van ERASA sal veeartse die amptelike monsternemingstelle soos saamgestel deur die laboratorium van die “Nasionale Perdewedren-owerheid Laboratorium. Duidelike instruksies rakende die gebruik van die monsternemingstelle word in die toetshandleiding wat saam met elke monsternemingstel verskaf word, uiteengesit, en alle tersaaklike dokumentasie word saam met die monsternemingstelle verskaf. Die monsternemingstelle sal deur die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde versprei word.

9.14.3 Die persoon wat vir die perd waarvan monsters geneem moet word verantwoordelik is (die verantwoordelike persoon), sal deur ’n lid van die veeartspaneel of veeartskommissie of ’n aangewysde beampte in kennis gestel word dat die perd getoets gaan word.

9.14.4 Die persoon wat vir die perd waarvan monsters geneem staan te word verantwoordelik is (die verantwoordelike persoon) sal die geleentheid gegee word om die volle monsternemingsprosedure persoonlik te aanskou, of alternatiewelik, om ’n verteenwoordiger aan te stel om die monsternemings- prosedure namens hom te aanskou. Sou hy weier om dit self te aanskou en/of om ’n verteenwoordiger aan te stel, sal dit geag word as vrywillige afstanddoening van hierdie reg, en vir al hierdie gevalle moet die ritmeester/president van die “Ground Jury”/senior ritbeampte (kyk artikel 9.14.7) ’n ander onafhanklike getuie aanstel om hierdie funksie te vervul.

9.14.5 Die verantwoordelike persoon of sy/haar verteenwoordiger is verantwoordelik daarvoor om toesig oor die perd te hou/die perd te hanteer tydens die prosedure. ’n Assistent/helper/stalassistent mag vir hierdie doel gebruik word.

9.14.6 Vanaf die oomblik dat die verantwoordelike persoon ingelig word dat die perd getoets gaan word, moet ’n gemagtigde ritbeampte die perd na die toetsgebied waar die toetsveearts die monsters van die perde neem vergesel. Die ritbeampte moet die perd in die toetsgebied oorhandig aan die ritmeester/president van die “Ground Jury”/senior ritbeampte (kyk artikel 9.14.7), onder wie se toesig die perd moet bly totdat die monsters van die bepaalde perd geneem is.

9.14.6.1 Die ritkomitee moet daarvoor sorg dat genoeg beamptes beskikbaar is om met die toetsprosedures te help. Die aantal beamptes wat benodig word sal afhang van die vlak van die rit, die aantal inskrywings en die aantal perde wat getoets gaan word.

9.14.6.2 Indien die monsters na afloop van ’n been, en direk na voltooiing van die veeartsondersoek geneem word, moet die perd sonder enige vertraging deur die beampte na die toetsgebied geneem word.

9.14.6.3 Indien monsters op enige ander stadium van die rit geneem word, moet die ritbeampte by die perd bly totdat die toetsveearts en die ritmeester/president van die “Ground Jury”/senior ritbeampte beskik baar is, of, as die toetsveearts op die terrein beskikbaar is, die perd dadelik na die toetveearts toe vergesel.

9.14.7 Die ritmeester of president van die “Ground Jury” wat by die rit diens doen moet die hele proses aanskou en as getuie optree, of andersins ’n senior ritbeampte aanwys om as sy/haar verteenwoordiger ten opsigte hiervan op te tree.

9.14.8 Die perd moet aan die hand van die perd se paspoort en in die teenwoordigheid van die verantwoordelike persoon (of sy verteenwoordiger, of ’n ander getuie, kyk 9.14.4 hierbo), geïdentifiseer word voordat die monsters geneem word. Die toets-veearts moet bevestig dat dit so gedoen is deur inskrywings op die volgende bladsye van die paspoort te maak (die inskrywings kan deur steunpersoneel gemaak word, maar moet deur die veearts geteken word):

9.14.8.1 Die “Identification of the horse described in the passport” bladsy. In die kolom “Purpose of Control” moet die woorde “medication control” ingeskryf word.

9.14.8.2 Die “Medication Control” bladsy, waar die tipe monsters wat geneem word duidelik aangedui moet word.

9.14.9 Die verantwoordelike persoon (of sy/haar verteenwoordiger, of ’n ander getuie, kyk artikel 9.14.4) moet aanskou dat die aantekeninge soos bespreek in artikel 9.14.7 hierbo, korrek deur die toetsveearts in die perd se paspoort gemaak word.

9.14.10 Die ERASA monsterverslagvorm moet volledig ingevul word, en die voltooide vorm moet deur die toets-veearts, die verantwoordelike persoon (of sy/haar verteenwoordiger of ’n ander getuie, kyk 9.14.4 hierbo) en die ritmeester of president van die “Ground Jury” (of sy/haar verteenwoordiger) as die amptelike getuie, onderteken word.

9.14.11 Deur ondertekening van die ERASA monsterverslagvorm erken die verantwoordelike persoon (of sy/haar verteenwoordiger) dat die regte monsternemingsmateriaal gebruik was vir die monsterneming en dat hy/sy geen beswaar teen die monsternemingprosedure het nie. Sou hy/sy enige hiervan verwerp moet hy/sy sy/haar redes vir die nie-aanvaarding skriftelik op die monsterverslagvorm weergee. ’n Ekstra bladsy kan vir doeleindes hiervan by die monsterverslagvorm aangeheg; indien dit gedoen word moet die bladsy mede-onderteken word deur die toets-veearts en die ritmeester of president van die “Ground Jury” of sy/haar verteenwoordiger). In gevalle waar die verantwoordelike persoon weier om teenwoordig te wees tydens die monsternemingsproses, en ook nie ’n verteenwoordiger aanstel nie, en waar die ERASA monsterverslagvorm onderteken word deur ’n onafhanklike getuie wat deur die senior ritbeampte (kyk artikel 9.14.4) aangestel is, moet dit duidelik deur die senior ritbeampte wat ingevolge artikel 9.14.7 aangestel is, op die ERASA monsterverslagvorm so aangedui en deur hom/haar en die toetsveearts onderteken word.

9.14.12 Die weiering van die verantwoordelike persoon (of sy/haar verteenwoordiger) om die ERASA monster-verslagvorm te onderteken sal geag word as ’n weiering om ’n perd aan monsterneming te onderwerp en sal dienooreenkomstig hanteer word.

9.14.13 Die toets-veearts moet:

9.14.13.1 Afskrifte van al die ERASA monsterverslagvorms per faks of e-pos na die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde stuur.

9.14.13.2 Die oorspronklike dokumente vir ’n periode van vier-en-twintig (24) maande bewaar en dit op versoek aan die ERASA Algemene Bestuurder beskikbaar stel.

9.14.14 Die toetsveearts moet ook die “Nasionale Perdewedren-owerheid” Ontledingsversoekvorm (waarop die monsternemers, seëlnommers en saaknommer aangedui word) voltooi. Hierdie vorm word saam met die monsters na die laboratorium van die Nasionale Perdewedren-owerheid versend.

9.15 ONTLEDING VAN MONSTERS

9.15.1 Monsters wat ingevolge hierdie reëls geneem word om vir die teenwoordigheid van verbode middels getoets te word, is die eiendom van ERASA.

9.15.2 Die monsters sal in ooreenstemming met die volgende beginsels ontleed word:

9.15.2.1 Monsters wat by ritbyeenkomste wat onder die beskerming van ERASA aangebied word, geneem is, sal slegs ontleed word by ’n laboratorium wat ingevolge die ISO 17025 standaard geakkrediteer is en wat voldoen en onderhewig is aan die ERASA Standaard vir Laboratoriums (kyk Aanhangsel A).

9.15.2.1.1 ERASA het die laboratorium van die SA Nasionale Perdewedren-owerheid (SA NHA Lab) aangestel as die laboratorium waar al die “A” monsters ontleed sal word

9.15.2.1.1.1 Die ERASA Raadsveearts is gemagtig om jaarliks namens ERASA en al sy lede ’n kontrak met hierdie laboratorium aan te gaan.

9.15.2.1.1.2 Alle A monsters sal ooreenkomstig hierdie getekende kontrak, die ERASA Standaard vir Laboratoriums (kyk Aanhangsel A) en die Staande Werksprosedures van die SA NHA Lab ontleed word, en die ontledingsuitslae sal ooreenkomstig daarmee gerapporteer word.

9.15.2.1.1.3 Indien die monster wat geneem is, vol bloed is, moet die bevestigende monster (“B” monster) by ontvangs by die laboratorium afgeswaai word voordat dit bevries en geberg kan word. Dit sal gedoen word by en ooreenkomstig tot die Staande Werksprosedures van die SA NHA Lab.

9.15.2.1.1.4 Indien die ontleding van die A monster negatief is, sal die B monster deur die laboratorium vernietig word.

9.15.2.1.2 Die “B” monster kan slegs by òf die SA NHA Lab, òf een van die drie ERASA goedgekeurde perdewedrenlaboratoriums (Verenigde Koninkryk, Frankryk of Hong Kong) ontleed word. Die keuse van die spesifieke laboratorium waar die “B” monster ontleed moet word berus by die verantwoordelike persoon. Sou die verantwoordelike persoon verkies dat die “B” monster in die buiteland ontleed moet word, sal die monster deur die SA NHA Lab verpak word en direk deur die SA NHA Lab na die alternatiewe laboratorium versend word. Die kostes verbonde aan die verpakking, vervoer/koerier en ontleding van die “B” monster (hetsy by die SA NHA Lab of by ’n buitelandse laboratorium) is vir die rekening van die verantwoordelike persoon, wat ’n bedrag wat hierdie kostes sal dek in ERASA se bankrekening moet deponeer alvorens die “B” monster ontleed of versend sal word.

9.15.2.2 Die laboratorium sal alle uitslae vertroulik en slegs aan die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde rapporteer.

9.16 HANTERING VAN DIE UITSLAE

9.16.1 By ontvangs van ’n ongunstige analitiese bevinding ten opsigte van ’n A monster moet die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde binne sewe werksdae na ontvangs ondersoek instel om te bepaal of

9.16.1.1 Daar enige ooglopende afwyking van die ERASA toetsprosedure soos in hierdie reëls uiteengesit, of van die ERASA Standaard vir Laboratoriums (kyk Aanhangsel A) was, wat tot die ongunstige analitiese bevinding kon gelei het.

9.16.1.2 In gevalle van ’n ongunstige analitiese bevinding ten opsigte van ’n middel wat as beheerde medikasie gelys is of ’n beheerde medikasiemetode, of die gebruik daarvan vooraf goedgekeur was deurdat ’n PTGV vir die doel behoorlik voltooi en gemagtig was.

9.16.2 Indien die ondersoek ingevolge artikel 9.16.1 nie enige afwyking van die ERASA toetsprosedures of van die ERASA se Standaard vir Laboratoriums (kyk aanhangsel A) aan die lig bring nie, of, in gevalle van ’n bevinding ten opsigte van ’n middel wat as beheerde medikasie gelys is of ’n beheerde medikasiemetode, dat daar nie ’n geldige en behoorlik gemagtigde PTGV was nie, moet die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde die President van ERASA dadelik skriftelik van die ongunstige analitiese bevinding en die uitslag van die ondersoek ingevolge artikel 9.16.1, inlig.

9.16.3 Die President van ERASA moet, binne veertien (14) werksdae nadat hy die verslag van die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde ontvang het, die Algemene Bestuurder van ERASA opdrag gee om die verantwoordelike persoon skriftelik (kyk Aanhangsel E) in kennis te stel van:

9.16.3.1 Die ongunstige analitiese bevinding;

9.16.3.2 Die reël wat verbreek is;

9.16.3.3 Die verantwoordelike persoon se reg om te versoek (welke versoek die ERASA Algemene Bestuurder binne agttien (18) kalenderdae vanaf die datum van ERASA se amptelike kennisgewing moet bereik) dat die “B” monster by ’n laboratorium van sy keuse ontleed moet word, teen sy/haar kostes, en dat, sou hy/sy nie so ’n versoek binne die gegewe tydperk indien nie, dit geag sal word dat hy/sy vrywillig van hierdie reg afstand gedoen het. Die versoek om die “B” Monster te laat toets moet op die voorgeskrewe vorm (kyk Aanhangsel F), tesame met ’n bewys dat die betrokke laboratoriumfooi in ERASA se bankrekening gedeponeer is, by die Algemene Bestuurder van ERASA ingedien word.

9.16.3.4 Die reg van die verantwoordelike persoon om ’n afskrif van die ontledingsverslag ten opsigte van die A monster aan te vra.

9.16.3.5 Die regte van die persoon wat dissiplinêre optrede en/of ’n ondersoek en/of ’n verhoor in die gesig staar,

9.16.3.6 Die verantwoordelike persoon van die betrokke perd , wie se A-monster positief getoets het, word tydelik geskors vanaf die datum van inkennisstelling van diè

uitslag tot die die Dissiplinêre proses rakende die betrokke geval voltooi is.

9.16.4 Indien die President van ERASA besluit om, op grond van die verslag van die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde, nie die ongunstige analitiese bevinding as ’n verbreking van die reëls ten opsigte van medikasiemisbruik en medikasiebeheer in perde te hanteer nie, sal geen verdere optrede geneem word nie en sal die uitslae ten opsigte van die A monster hanteer word asof dit negatief was.

9.16.5 Die ERASA Algemene Bestuurder moet, binne sewe (7) werksdae nadat hy/sy die versoek dat die B monster ontleed moet word tesame met die bewys van betaling van die betrokke gelde vanaf die verantwoordelike persoon ontvang het, die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde versoek om die nodige reëlings met die laboratorium van die SA Nasionale Perdewedren-owerheid te tref. ’n Afskrif van die versoek wat deur die verantwoordelike persoon ingedien is moet aan die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde beskikbaar gestel word.

9.16.6 Die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde sal die nodige reëlings met die laboratorium tref binne sewe (7) werksdae nadat hy/sy die versoek vanaf die ERASA Algemene Bestuurder ontvang het. Dit word beklemtoon dat alle kommunikasie met die SA NHA Lab via die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde moet plaasvind.

9.16.7 Indien die ontleding van die B monster negatief is, sal die hele toets as negatief beskou word. Die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde sal dit so aan die President van ERASA deurgee en die President van ERASA sal die ERASA Algemene Bestuurder opdrag gee om die verantwoordelike persoon dienooreenkomstig in te lig.

9.16.8 Indien ’n verbande middel of ’n verbande metode of ’n middel wat as beheerde medikasie gelys is of ’n beheerde medikasiemetode in die B Monster gevind word, sal die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde dit so aan die President van ERASA deurgee. Die President van ERASA sal die ERASA Algemene Bestuurder opdrag gee om die verantwoordelike persoon dienooreenkomstig in te lig en om ’n afskrif van die laboratoriumverslag ten opsigte van die ontleding van die B monster aan die verantwoordelike persoon beskikbaar te stel.

9.16.9 Die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde sal, ten opsigte van alle gevalle waar die A monster positief getoets het en waar daar van die reg om die B monster te laat ontleed afstand gedoen is, sowel as vir alle gevalle waar die B monster ontleed is en positief getoets het, alle laboratoriumverslae en ander tersaaklike dokumentasie wat verband hou met die toets van die bepaalde perd(e) beskikbaar stel aan die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA en die aangeleentheid sal verder ingevolge die ERASA Dissiplinêre Proses hanteer word (kyk Hoofstuk 7 van die ERASA Reëls).

9.16.10 Die sertifikaat van ontleding wat deur die SA NHA Lab (of ’n buitelandse perdewedrenlaboratorium, in gevalle waar die verantwoordelike persoon verkies het om die B monster by so ’n laboratorium te laat ontleed) sal as *prima facie* getuienis van dit wat daarin vervat is dien. Die onus rus op die verantwoordelike persoon om bewyse te lewer indien hy/sy enige gedeelte van die inhoud daarvan wil weerlê.

9.16.11 Alle monsters sal geag word om korrek en akkuraat hanteer en ontleed te gewees het, en in alle daaropvolgende dissiplinêre optrede sal die onus op die verantwoordelike persoon rus om die teendeel te bewys.

9.16.12 Indien verdere ondersoeke uitgevoer word op versoek van die verantwoordelike persoon, sal die volle kostes van hierdie ondersoek en/of toetse vir sy/haar rekening wees.

9.16.13 Indien die verantwoordelike persoon uit die sport uittree terwyl die proses van hantering van die uitslae aan die gang is, behou ERASA die reg om hierdie proses ten volle te voltooi. Indien 'n verantwoordelike persoon uit die sport tree voordat die proses van hantering van die uitslae begin is, behou ERASA steeds die reg om met hierdie proses te begin en dit ten volle te voltooi.

9.17 NAGEVOLGE VIR SPANNE

9.17.1 Indien gevind word dat 'n verantwoordelike persoon, as lid van 'n span, enige van die reëls ten opsigte van medikasiemisbruik en medikasiebeheer by perde oortree het tydens 'n uithourit waar die span se posisie bepaal is deur die somtotaal van individuele uitslae, sal die uitslae van die verantwoordelike persoon wat die reël oortree het van die spantotaal afgetrek en vervang word met die uitslae van die volgende lid van die bepaalde span. Indien, nadat die verantwoordelike persoon se uitslae van die span se uitslae afgetrek is, daar nie meer genoeg lede wie se uitslae ten opsigte van die bepaalde kompetisie in ag geneem kan word, van die span oorbly nie, sal die betrokke span as span geëlimineer word.

9.17.2 Indien 'n sleutelpersoon van die span, anders dan die verantwoordelike persoon, soos byvoorbeeld (maar nie beperk nie tot) die chef d'equipe (of spanbestuurder), spanveearts of afrigter erken dat hul 'n oortreding begaan het of skuldig bevind word aan 'n oortreding van die reëls met betrekking tot medikasiemisbruik en medikasiebeheer by perde, kan, indien geregtigheid dit vereis, die hele span gediskwalifiseer word.

9.18 REKORDHOUDING, VERSLAGDOENING, OPENBARE BEKENDMAKING EN ERKENNING

9.18.1 <u>Rekordhouding</u>

9.18.1.1 Die ERASA Raadsveearts of sy gedelegeerde moet die volgende rekords byhou (of reël dat dit bygehou word):

9.18.1.1.1 Besonderhede van die uithouritte waar monsters geneem is.

9.18.1.1.2 Die aantal toetse wat by elke rit gedoen is.

9.18.1.1.3 Die toetsuitslae

9.18.1.2 Die ERASA Algemene Bestuurder moet die volgende rekords byhou:

9.18.1.2.1 Dissiplinêre optrede geneem na aanleiding van ongunstige analitiese bevindinge rakende die toets vir verbande middels, middels gelys as beheerde medikasie, verbande - en beheerde medikasiemetodes.

9.18.1.2.2 Die uitslag van hierdie dissiplinêre optrede.

9.18.2 <u>Statistiese verslagdoening</u>

9.18.2.1 ERASA moet aan die einde van elke jaar aan die FEI (deur SAEF) verslag doen van die aantal toetse (en die uitslag daarvan) wat gedoen is met betrekking tot medikasiemisbruik en medikasiebeheer. Hierdie verslag sal geen name bevat nie. Die FEI mag periodiek die toetsuitslae wat vanaf ERASA (deur SAEF) ontvang is publiseer en dit ook vergelyk met data van toetse wat onder die jurisdiksie van die FEI gedoen is.

9.18.3 Openbare bekendmaking

9.18.3.1 ERASA, of enige van sy geaffilieerde unies of klubs, sal nie die identiteit van ’n perd, of van die persoon verantwoordelik vir die perd (die verantwoordelike persoon) waarvan ’n monster ’n ongunstige analitiese bevinding tot gevolg het, of die identiteit van ’n verantwoordelike persoon wat ’n ander reël rakende medikasiemisbruik en medikasiebeheer oortree het, openbaar maak nie, totdat:

9.18.3.1.1 Die ongunstige analitiese bevinding ten opsigte van die A monster deur die ontleding van die B monster bevestig is.

9.18.3.1.2 Die verantwoordelike persoon afstand doen van sy reg om die B monster te laat ontleed.

9.18.3.1.3 Die verantwoordelike persoon skuld beken het.

9.18.3.2 Alle uitslae, insluitend die uitslae van monsters wat nie ’n ongunstige analitiese bevinding tot gevolg gehad het nie, sal bekend gemaak word. Die uitslae sal eers sou die ontleding daarvan versoek gewees het) ten opsigte van al die monsters wat by ’n bepaalde ritbyeenkoms geneem is, beskikbaar is.

9.18.3.3 Indien die verantwoordelike persoon inligting rakende ’n reëloortreding of ’n beweerde reëloortreding bekend maak voordat die inligting deur ERASA gepubliseer word, mag ERASA hierop kommentaar lewer of op ’n ander manier openbaar oor die aangeleentheid verslag doen.

9.18.3.4 ERASA, of enige van sy geaffilieerde unies of klubs, enige ERASA goedgekeurde laboratorium of ’n beampte van enige van bogenoemde mag nie in die openbaar kommentaar lewer oor die spesifieke feite van ’n hangende saak (anders dan ’n algemene beskrywing van die proses of wetenskap betrokke) nie, tensy gedoen word in reaksie op die bekendmaking/openbare kommentaar wat aan die verantwoordelike persoon of sy verteenwoordigers toegeskryf kan word.

9.18.4 Erkenning van besluite deur die FEI, Nasionale Federasies en Nasionale Verenigings. Enige besluit deur die FEI en/of ’n ander Nasionale Federasie en/of ’n ander Nasionale Vereniging rakende ’n oortreding van toepaslike of soortgelyke reëls met betrekking tot medikasiemisbruik of medikasiebeheer by perde sal deur ERASA erken en afgedwing word, en ERASA sal alles wat nodig is doen om die gevolge van hierdie besluite toe te pas.

9.19 VERJARING

9.19.1 Optrede ten opsigte van ’n oortreding van die reëls rakende medikasiemisbruik en/of medikasiebeheer mag slegs ingevolge hierdie reëls teen ’n verantwoordelike persoon geneem word indien daar binne een (1) jaar vanaf die datum waarop die oortreding na bewering plaasgevind het, met hierdie optrede begin kan word.

9.19.2 Geen persoon sal enige eis teen ERASA of enige van sy beamptes hê vir skade wat gely is gedurende die toepassing van of as gevolg van hierdie reëls, tensy daar bewys kan word dat ERASA of enige van sy beamptes kwaadwillig opgetree of grof nalatig was.

9.20 FINANSIERING

9.20.1 ’n Verpligte heffing (die bedrag waarvan jaarliks deur die Raad bepaal sal word) moet deur die organiseerders van alle ritte wat onder beskerming van ERASA aangebied word, ingevorder word as deel van die inskrywingsgelde wat deur alle ruiters wat vir die rit inskryf, betaal word. Die heffing moet deur die ritkomitee aan ERASA oorbetaal word na voltooiing van die rit, en mag slegs gebruik word om kostes verbonde aan die beheer oor medikasiemisbruik, medikasiebeheer en toetsing vir verbode middels te dek.

9.20.2 Die kostes verbonde aan die ontleding van die B monster (insluitend kostes verbonde aan die verpakking en versending van die B monster) moet in alle gevalle deur die verantwoordelike persoon gedra word, selfs al sou die ontleding van die B monster nie die ongunstige analitiese bevinding van die A monster bevestig nie.

Aanhangsel A tot Hoofstuk 9

ERASA STANDAARD VIR LABORATORIUMS

INLEIDING

9A-1 Hoofstuk 9 van die ERASA reëlboek, wat handel oor die behandeling van perde en reëls rakende medikasie-misbruik en medikasiebeheer by perde", vereis dat 'n ERASA Standaard vir Laboratoriums (hierna na verwys as die "Standaard") opgestel word om te verseker dat die ontledingsproses aan die toepaslike vlak van wetenskaplike en forensiese integriteit voldoen.

9A-2 Hierdie standaard se grondslag lê in die vereistes gestel in Hoofstuk 9 van die ERASA reëls, sowel as die gevestigde metodes wat deur ERASA goedgekeurde laboratoriums tot op datum nagekom is tydens die ontleding van ERASA monsters.

9A-3 Omdat 'n groot aantal monsters jaarliks vir die perdewedrenbedryf ontleed word, is gevestigde metodes vir die ontleding van perdebloed, urine en ander toepaslike monsters is grotendeels ontwikkel tydens die toets van monsters vir hierdie bedryf. Die Standaard is dus saamgestel uit dokumente wat opgestel is deur die Internasionale Laboratorium Akkreditasie Koöperasie ("International Laboratory Accreditation Cooperation", ILAC), die Vereniging van Amptelike Wedren Chemici ("Association of Official Racing Chemists", AORC), en die Internasionale Federasie van Perdewedren-owerhede ("International Federation of Horseracing Authorities", IFHA). Waar van toepassing is hierdie dokumente aangevul uit of vervang deur standaard werks- prosedures wat ontwikkel is deur in 'n omgewing waar monsters van perde op gereelde basis getoets word.

DOEL

9A-4 Die doel van hierdie standaard is:

9A-4.1 Om te verseker dat laboratoriums geldige toetsuitslae en bewysregtelike data lewer.

9A-4.2 Om eenvormige en geharmoniseerde uitslae van ERASA geakkrediteerde laboratoriums te verseker.

9A-4.3 Om deursigtigheid rakende ontledingsprosedures wat deur ERASA goedgekeurde laboratoriums toegepas word daar te stel, in die konteks van regsprosedures wat onderneem word op grond van positiewe toetsuitslae.

REËLS

9A-5 Die prosedures wat deur 'n laboratorium gevolg word vir beide die sifting van monsters wat van perde geneem is en die daaropvolgende bevestiging van die bevindinge, moet geakkrediteer wees deur 'n internasionaal erkende akkreditasieliggaam ingevolge ISO 17025, en word uitgevoer in ooreenstemming met die huidige weergawe van beide die ISO 17025 en die ILAC G-7 dokumente. Alle bekwaamheidstoetsing wat deur ERASA gereël word sal voldoen aan ISO 17043.

9A-6. 'n ERASA geakkrediteerde laboratorium moet:

9A6.1 Voldoen aan die vereistes van die huidige ILAC G-7 dokument (Akkreditasievereistes en Bedryfs-kriteria vir Perdewedrenlaboratoriums).

9A6.2 Voldoen aan die huidige AORC riglyne vir die minimum kriteria vir identifikasie deur chromatografie en massa-spektrometrie, wanneer positiewe (bevestigende) ontledings uitgevoer word.

9A6.3 Geakkrediteer wees deur ’n internasionaal erkende akkreditasieliggaam ingevolge die ISO 17025 Internasionale Standaard.

VERDUIDELIKING

9A-7 Deel A van die ILAC G-7 dokument gee inligting rakende akkreditasievereistes (wat deur akkreditasie-liggame gebruik word vir akkreditasie in ooreenstemming met ISO 17025), ten opsigte van die toetse wat deur laboratoriums wat by medikasiemisbruikbeheer in perde betrokke is gebruik word. Hierdie deel verskaf beskerming t.o.v.

9A-7.1 Die voorkoming van “vals negatiewe” toetsuitslae.

9A-7.2 Kwaliteitsbeheermaatreëls t.o.v. elke lot monsters wat ontleed word.

9A-7.3 Die berging en hantering van beheerde medikasie.

9A-7.4 Die minimum toetsskedule wat uitgevoer moet word gedurende die aanvanklike sifting van monsters voordat dit as negatief gerapporteer kan word.

9A-7.5 Optekening van die besluitnemingsprosesse met betrekking tot watter monsters verder ontleed moet word.

9A-7.6 Die bepaling en optekening van opsporingsperke wat geld tydens verteenwoordigende ontleding deur middel van alle siftingsmetodes

9A-7.7 Nagaan van alle rekords, insluitend die vir negatiewe uitslae.

9A-8 Deel B van die ILAC G-7 dokument is ’n stel aanbevelings rakende die vasstel van die teenwoordigheid van verbode middels, wanneer voldoende analitiese data die teenwoordigheid van verbode middels ondersteun en daar geen beduidende data is wat dit weerlê nie. Dit verwerp ook die konsep van rigiede standaardisasie en ondersteun ontwikkelingswerk deur individuele laboratoriums ter verbetering van hul prosedures. Deel B gee ook riglyne ten opsigte van:

9A-8.1 Forensiese integriteit. Die monster moet ingevolge gedokumenteerde prosedures ontvang, geïdentifiseer, ontvangs daarvan opgeteken en geberg word. Toegang tot die monster moet vooraf gemagtig word. Tensy die monster op sy eie ontleed word, moet positiewe identifikasie of hoeveelheidsbepaling gegrond word op ontleding van twee gedeeltes van die oorspronklike monster met vergelykbare resultate. Alle aantekeninge rakende ontledingsdata en die ketting van toesig en beheer moet geverifieer word. Analitici in beheer van die ontleding van monsters en die bevestiging van resultate moet behoorlik gekwalifiseer wees en as vakkundige getuies kan optree indien nodig.

9A-8.2 Regulatoriese identifikasie

9A-8.2.1 Algemene oorwegings rakende die gebruik van diagnostiese data, die opteken van toetsmetodes, die stabiliteit van die ontledingsisteem en afwesigheid van vermenging van monsters, die hoeveel heidsbepaling van spesifieke middels, die gebruik van kontroles wat spesifieke vlakke van 'n middel, die gebruik van voorheen aangetekende spektra of ander verwysingsmateriaal vir die identifikasie van middels, en die nodigheid vir geskrewe kriteria rakende die passing van verwysingsmateriaal met die monster wat ontleed word.

9A-8.2.2 Kriteria vir algemene tegnieke soos massa spektrometrie, gas- of vloeistofchromatografie, dunlaag chromatografie, immuno-essai en ultraviolet- of fluoressensie-spektroskopie.

9A-8.3 Regulatoriese hoeveelheidsbepaling. Kriteria vir regulatoriese hoeveelheidsbepaling rakende die toerusting wat gebruik word, die metodologie van hoeveelheidsbepaling, interne standaarde wat toegepas word, verwysingsmateriale wat gebruik word, validasie en kwaliteitsbeheer. Dit laat ook toe dat voorlopige drempelwaardes nie absolute konsentrasies of verhoudings hoef te wees nie.

9A-8.4 Bevestigende ontleding. Spesifikasies rakende die doelwitte van die bevestigende ontleding (ook na verwys as die "B" monster)

9A-9 Deel C van die ILAC G-7dokument

9A-9.1 Gee 'n skakel na geharmoniseerde definisies van terme wat algemeen deur wedren chemici gebruik word; en

9A-9.2 Stel 'n paar uitvoeringspesifikasies daar wat deur perdewedrenlaboratoriums aanvaar kan word, insluitende een so 'n spesifikasie ('n lys van minimumvlakke van sekere middels wat deur die laboratorium bepaal moet kan word) wat deur die IFHA vereis word. Die IFHA lys is nie alles-insluitend nie en laboratoriums sal waarskynlik van hierdie middels kan bepaal teen laer vlakke as die op hierdie lys. 'n Opgedateerde lys van die IFHA is beskikbaar op hul webblad

(www.horseracingintfed.com/racingDisplay.asp?section=10#an4)

9A-10. Die huidige AORC riglyne vir die minimum kriteria vir identifikasie deur chromatografie en massa spektrometrie is 'n internasionaal aanvaarde stel van aanbevelings vir die vergelyking van chromatografiese en massa-spektrometriese data in ooreenstemming met ILAC G-7, Deel B.

9A-11. Wanneer bevestigende ontledings gedoen word sal laboratoriums wat ook die oorspronklike ontleding gedoen het toesien dat die ontleding van die "B" Monster gedoen word onder toesig van 'n gekwalifiseerde analitikus was nie vir die oorspronklike ontleding verantwoordelik was nie.

Appendix B to Chapter 9

FEI / ERASA ETUE 1 AUTHORISATION OF EMERGENCY TREATMENT

The chief veterinarian/president of the veterinary commission must append a copy to his report that is submitted to the ERASA office after the ride, and retain the original for a period of twenty-four months, and make this available when so requested by the ERASA General Manager.

FOR COMPLETION BY TREATING VETERINARIAN **TO BE COMPLETED IN CAPITAL LETTERS**

Endurance Ride: _____ Date: _____

PERSON RESPONSIBLE

Nationality: _____ Competition number: _____ ERASA Club number: _____

Name: _____

HORSE

FEI no: _____ UV Number: _____ Passport no: _____ Stable no: _____

Name: _____

Symptoms or condition requiring medication: _____

_____

Medication used

Product name	Active ingredient	Dosage	Route (topical/oral/ sub cut/im/iv)	Date and time of administration

Name of Treating Veterinarian: _____ Signature: _____

FOR COMPLETION BY THE PRESIDENT OF THE VETERINARY COMMISSION (FEI) / CHIEF VETERINARIAN (ERASA) AT THE RIDE

After examination of the above horse, I hereby authorize the treatment and consider that, to the best of my knowledge, the horse is FIT ☐ UNFIT ☐ to participate in this endurance ride

Date and time of authorization: _____

Name of President of the Veterinary Commission / Chief Veterinarian: _____ Signature: _____

The horse is		Competing		Withdrawn	
Retired		Eliminated		Post-ride	

FOR COMPLETION BY THE PRESIDENT OF THE GROUND JURY (FEI) / RIDE MASTER

In accordance with the rules and on the recommendation of the Veterinary Commission/Panel, the above horse having received emergency treatment as indicated above:

	MAY participate		MUST be withdrawn/retired

Name of President of the Ground Jury / Ride master: _____

Date and time of signature: _____ Signature: _____

Number of entries in the event: _____ Final placing of horse in this event: _____

Appendix C to Chapter 9

FEI / ERASA MEDICATION FORM 3 AUTHORISATION FOR THE USE OF MEDICATION NOT LISTED AS PROHIBITED UNDER FEI / ERASA REGULATIONS

The chief veterinarian/foreign veterinary delegate must append a copy to his report that is submitted to the ERASA office/FEI after the ride, and retain the original for a period of twenty-four months, and make this available when so requested by the ERASA General Manager. **Please be advised that you may only request THREE SUBSTANCES PER FORM.** *This form applies only to medication not listed as Prohibited*

Endurance Ride: _____ Date: _____

PERSON RESPONSIBLE

Nationality: _____ Competition number: _____ ERASA Club number: _____

Name: _____ Signature: _____

I declare that I will use the following medication for the following **HORSE:**

FEI no: _____ UV Number: _____ Passport no: _____ Stable no: _____

Name: _____

Competition status (tick) The horse is		Competing		Withdrawn	
Retired		Eliminated		Post-ride	

Indication for treatment (tick)

Dehydration (after travel)		Respiratory disease		Dermatitis	
Wound		Colic		Diarrhea		Eye injury/disease	
Other (specify): _____							

Route of administration (select one):

Intravenous		Intramuscular		Subcutaneous	
Nasogastric tube		Oral		Intraocular	
Other (specify): _____					

Substance administered:

Trade name	Active Ingredient	Concentration	Dosage (mg/kg)	Route (topical / oral/sc/im/iv)	Date and time of administration

TREATING VETERINARIAN

Name (print): _____ Signature: _____

AUTHORISATION BY FOREIGN VETERINARY DELEGATE (FEI) / CHIEF VETERINARIAN (ERASA) AT THE RIDE

Name (print): _____ Signature: _____

The Foreign Veterinary Delegate/Chief Veterinarian signing this form is doing so exclusively in his or her capacity as witness to the execution of this form by the relevant parties in order to certify the process. Under no circumstances should such signature be construed by any person, entity, or body as veterinary advice or legal authorisation to use the medication listed above. Veterinary advice regarding the propriety, usefulness, or legality under national law of any medication can only be given by the treating veterinarian. The FEI Veterinary Delegate/Commission, in signing this form, therefore expressly disclaims any responsibility for the administration of the medication and for any legal or other consequences whatsoever if such administration conflicts with the local law of the jurisdiction in which it is administered. Such legal responsibility resides at all times with the treating veterinarian.

Appendix D to Chapter 9

ERASA ETUE 4: OPINION ON TREATMENT ADMINISTRATED PRIOR TO DEPARTURE TO A RIDE MEET

This form is used when the person responsible wants to consult the ERASA council veterinarian or his delegate before departing to an endurance ride regarding treatment administered during the last fourteen days before ride, to ascertain whether any of the medication that was administered to a horse during this period would disqualify a horse from entering for the ride. The form is e-mailed or faxed to the ERASA council veterinarian or his delegate no later than two days before the particular ride. The ERASA council veterinarian or his delegate will evaluate the treatment described on the form, add his opinion and return the form to the person responsible. Thereafter the form must be presented to the chief veterinarian or the president of the veterinary commission officiating at the ride.

The chief veterinarian/president of the veterinary commission must append a copy to his report that is submitted to the ERASA office after the ride, and retain the original for a period of twenty-four months, and make this available when so requested by the ERASA General Manager.

FOR COMPLETION BY THE TREATING VETERINARIAN **TO BE COMPLETED IN CAPITAL LETTERS**

Endurance Ride for which the person responsible intends to enter this horse: _____

Date of the ride: _____

PERSON RESPONSIBLE

ERASA Club number: _____ Name: _____

HORSE

FEI no: _____ UV Number: _____ Passport no: _____

Name: _____

Symptoms or condition requiring medication: _____

_____

Medication used

Product name	Active ingredient	Dosage	Route of administration	Date and time of administration

Name of Treating Veterinarian: _____ Signature: _____

FOR COMPLETION BY THE ERASA COUNCIL VETERINARIAN OR HIS DELEGATE

After evaluating the treatment as described above, I am of the opinion that
the treatment WILL ☐ WILL NOT ☐ give the horse an unfair advantage

Therefore, in my opinion,
this horse should BE ALLOWED ☐ NOT BE ALLOWED ☐ to enter for this endurance ride
It is emphasized that this document merely provides an opinion in relation to the treatment as recorded on this document. The horse still has to pass the first veterinary inspection at the ride venue before the horse will be allowed to start the ride. The opinion in this document will no longer be valid should any additional treatment (not recorded on this document) have been / be administered to this horse during the last fourteen days prior to the ride

Date and time of opinion: _____

Name of ERASA council veterinarian or his delegate: _____ Signature: _____

FOR COMPLETION BY THE PRESIDENT OF THE VETERINARY COMMISSION (FEI) / CHIEF VETERINARIAN (ERASA) AT THE RIDE

After examination of the above horse, I hereby authorize the treatment and consider that, to the best of my knowledge,
the horse is FIT ☐ UNFIT ☐ to participate in this endurance ride

Date and time of authorization: _____

Name of President of the Veterinary Commission/ Chief Veterinarian:_____ Signature: _____

The horse is		Competing		Withdrawn	
Retired		Eliminated		Post-ride	

FOR COMPLETION BY THE PRESIDENT OF THE GROUND JURY (FEI) / RIDE MASTER (ERASA)

In accordance with the rules and on the recommendation of the Veterinary Commission/Panel, the above horse having received emergency treatment as indicated above:

	MAY participate		MUST be withdrawn/retired

Name of President of the Ground Jury / Ride master: _____

Date and time of signature: _____ Signature: _____

Number of entries in the event: _____ Final placing of horse in this event: _____

Aanhangsel E tot Hoofstuk 9

KENNISGEWING VAN VOORGENOME DISSIPLINÊRE OPTREDE

Tussen
Die Uithouritvereniging van Suid Afrika (ERASA)

En

_____
(naam en identiteitsnommer van die verantwoordelike persoon vir wie se perd 'n ongunstige analitiese uitslag gerapporteer is)

POSITIEWE UITSLAG – VERBODE MIDDEL(S) BY DIE _____ (naam van rit)

NEEM KENNIS dat die uitslag van die ontleding van die A monster wat geneem was van die perd _____ _____ (naam, UV nommer en paspoortnommer) by die _____ rit, gehou te _____ op _____ toon dat die volgende verbode middel(s) _____ teenwoordig was in die perd se bloed gedurende bogenoemde uithouritbyeenkoms

NEEM OOK KENNIS dat hierdie dokument ten doel het om u in te lig dat die toetsuitslae en alle ander toepaslike dokumentasie wat daarmee verband hou vir verdere ondersoek en/of optrede verwys is na 'n Dissiplinêre Komitee wat deur die Raad van ERASA aangestel is en dat u formeel in kennis gestel sal word van enige verdere optrede teen die verantwoordelike persoon, ingevolge die Grondwet en Reëls van ERASA (soos aangepas).

NEEM KENNIS dat u, ingevolge die Grondwet en Reëls van ERASA, skriftelik in kennis gestel sal word van die tyd, datum en plek van enige formele prosedure wat teen die verantwoordelike persoon ingestel sal word, met 'n uiteensetting van die toepaslike klagte(s).

NEEM OOK KENNIS dat u hiermee die geleentheid gegee word om die keuse uit te oefen om die B monster teen u eie kostes te laat ontleed. Die kostes beloop R _____ indien die ontleding in Suid Afrika by die Laboratorium van die Nasionale Perdewedren-owerheid, of ongeveer R _____ indien die ontleding by 'n ander laboratorium wat die vereistes soos gestel in die ERASA Standaard vir Laboratoriums voldoen (welke laboratoriums in die buiteland geleë is). Neem asseblief kennis dat voormelde bedrag 'n beraming is en dat die finale bedrag sal afhang van die laboratorium wat gekies word, die prosedures wat deur die laboratorium uitgevoer moet word wanneer die monster ontleed word en die wisselkoers van die Rand op die dag van fakturering. Indien u die B monster wil laat ontleed moet u die aangehegte vorm "Versoek vir die Ontleding van die B Monster" voltooi en die voltooide vorm saam met 'n bewys van betaling van die toepaslike bedrag by die ERASA Algemene Bestuurder per faks of e-pos indien. Die voltooide versoekvorm en bewys van betaling moet die ERASA Algemene Bestuurder binne agtien (18) dae van die datum van hierdie kennisgewing bereik. U sal binne 'n redelike tyd nadat ERASA die uitslae ontvang het ingelig word rakende die uitslag van die ontleding van die B monster. Indien u nie binne die toegelate periode versoek dat die B monster ontleed word nie, sal dit aanvaar word dat u afstand gedoen het van die reg om die B monster te laat ontleed.

NEEM KENNIS *dat die verantwoordelike persoon van die betrokke perd wat positief getoets is, tydelik geskors is, vanaf ontvangs van hierdie kennisgewing totdat die Dissiplinêre proses rakende die betrokke geval voltooi is.*

U word ook verwys na die opsomming van u regte met betrekking tot enige formele proses wat teen die verantwoordelike persoon ingestel mag word, soos aangeheg as Aanhangsel A.

Die uwe

_____ _____

PRESIDENT

DATUM

ERASA

Aanhangsel A

Regte van ’n persoon wat dissiplinêre optrede / ’n ondersoek / ’n verhoor in die gesig staar

Die persoon het die volgende regte:

- Die reg tot ’n formele ondersoek en/of verhoor.
- Die reg om tydens bogenoemde ondersoek en/of verhoor teenwoordig te wees.
- Die reg tot ’n regverdige en onpartydige verhoorpaneel.
- Die reg om ’n redelike tydperk gegun te word om sy/haar saak/verdediging voor te berei
- Die reg om redelike en formele kennisgewing van die klagtes wat teen hom/haar gebring word te ontvang
- Die reg tot regsadvies rakende die beweringe en gevolglike klagtes
- Die reg om deur ’n medelid van ERASA of ’n regsverteenwoordiger (teen die verantwoordelike persoon se eie rekening) bygestaan en ondersteun te word, afhangend van die omstandighede en graad van die klagtes
- Die reg om enige getuies te ondervra of te kruis-ondervra en/of enige aspek rakende die getuienis wat gedurende die ondersoek of verhoor na vore gebring word te bespreek
- Die reg om stil te bly, of alternatiewelik om getuienis te lewer deur die roep van getuies ter ondersteuning van sy/haar verdediging
- Die reg tot ’n tolk, op voorwaarde dat so ’n versoek ten minste vyf (5) dae voor die verhoor ingedien word
- Die reg tot ’n tydige, skriftelike, beredeneerde beslissing, wat spesifiek ’n verduideliking ten opsigte van enige periode van skorsing insluit.

Aanhangsel F tot Hoofstuk 9

VERSOEK VIR DIE ONTLEDING VAN DIE " B" MONSTERS
MOET IN HOOFLETTERS VOLTOOI WORD

VIR VOLTOOIING DEUR DIE ERASA ALGEMENE BESTUURDER

VERANTWOORDELIKE PERSOON

Nasionaliteit: _____ Ritnommer: _____ ERASA Klubnommer: _____

Naam: _____

PERD

UV of FEI Nommer: _____ Paspoortnommer: _____

Naam: _____

UITHOURIT WAAR DIE MONSTERS GENEEM IS

Ritnaam: _____

Plek van rit: _____ Datum van rit: _____

VIR VOLTOOIING DEUR DIE VERANTWOORDELIKE PERSOON

Ek, die ondergetekende:

- Verklaar hiermee dat ek die verantwoordelike persoon soos hierbo omskryf is, en verantwoordelik is/was vir die perd soos hierbo omskryf,
- Versoek dat die B monster wat by die rit soos hierbo omskryf geneem is, ontleed moet word by:

Laboratorium	Dui asb. u keuse aan deur met 'n √ in onderstaande kolomme te merk	
	JA	NEE
Die laboratorium van die Nasionale Perdewedren-owerheid of SA, teen 'n bedrag van R		
Die laboratorium van die Jokkieklub van Hong Kong teen 'n beraamde bedrag van R		
Die Perdewedren Forensiese Laboratorium van die Verenigde Koninkryk, teen 'n beraamde bedrag van R		
Die Laboratoire des Course Hippiques in Frankryk teen 'n beraamde bedrag van R		

- Bevestig dat ek daarvan bewus is dat die kostes vir ontleding by 'n buitelandse laboratorium soos hierbo slegs 'n beraming is en dat ek die balans van die kostes verbonde aan die vervoer van die monster na 'n laboratorium van my keuse en die ontleding van die monster by hierdie laboratorium binne 21 dae nadat ek 'n faktuur in die verband ontvang het, sal betaal.
- Bevestig dat ek bewus is daarvan dat die ontledingsuitslae na ERASA versend sal word, en dat ERASA die uitslae binne 'n redelike tyd aan my sal deurgee.

Die bedrag ten opsigte van die ontleding van die B monster (hetsy die volle bedrag, indien die ontleding by die laboratorium van die Nasionale Perdewedren-owerheid van SA gedoen moet word, of die voorlopige beraamde bedrag indien die ontleding by 'n buitelandse laboratorium gedoen moet word) , moet in die volgende bankrekening inbetaal word
ERASA tjekrekening FNB (takkode) (rekeningnommer)

Bewys van betaling is hierby aangeheg

Geteken te _____ (plek) op _____ (datum)

Volle name van verantwoordelike persoon: _____

Identiteitsnommer: _____ Handtekening: _____